ISSN 0258-0152

SWART OP WIT

jg 3/1 vere et iucunde Januarie 1987

# DIE TENDENS VAN ONS BELYDENISSKRIFTE

## Die MAAR – struktuur

'n Mens kan 'n ding talle kere lees tot jy dink dat jy dit van buite ken – sonder om dit te verstaan. Jy kan selfs dink jy verstaan dit, maar nog altyd die essensie miskyk. Dan sien jy sekere dinge raak wat by jou skema en jou vrese of verwaandhede inpas, en oor die res lees jy vinnig heen; soos met Engels as jy "swaar woord" sê en aanlees omdat jy nie tyd het vir 'n woordeboek nie.

Waar dit – hierdie verkeerd verstaan – (Son-)daagliks gebeur, is met Paulus en andere se lysie voorskrifte aan die einde van hulle briewe – soos in Gal. en Efes. 5. Die boetepredikers en moraliste gryp dit dan aan as 'n sambok om mee te slaan, en vergeet geheel en al van die evangelie aan die begin van die briewe waar die evangeliste vertel hoe Christus ons gered het sónder ons vrome dade.

Dit gebeur met die Skrif én met ons belydenisskrifte.

Wat ons belydenisskrifte betref, moet ons altyd onthou dat hulle geskryf is teen en in die wêreld van die Rooms-Katolieke en Wederdoperse idees van "heilige werke". Een van die belangrikste sleutels om die Reformatoriese belydenisskrifte te verstaan, is die feit dat die Reformatore gesê het ons redding is *afgehandel*, dit is op die kruis *volbring*, ons is gered toe ons nog sondaars was, God het goddeloses regverdig verklaar.

Dit het die Roomse en charismatiese opvatting oor die vrome menslike dade wat die Goddelike reddingsdaad afrond en voltooi, by sy wortel afgesny. Die vagevuur, die nog-'n-kans-plek tussen hemel en aarde, was toe daarmee heen, en ons diepste troos is daarmee blootgelê: dat God nou oor ons anders oordeel as wat ons in werklikheid verdien. Ons is

Na bl. 25

## OM TE LEES


- *Abisag van Hooglied se solovlug*
- *Hoe vuil skaapwagters geromantiseer én uitverkies word.*
- *Baie kort paragrafies Kruis en Munt.*
- *Te voet deur die Kategismus: Alles is God se wil.*
- *Ons wonder of alles wat bestaan nie maar net miljarde leë kubieke ligjare is nie, maar die skrynwerker se Seun sê...*
- *Moeilike vrae en dapper antwoorde – en oor 'n sirkusleeu.*
- *Bybeluitleg – nog eens.*
- *Nico Steenberg en Oom Johnnie se liedjie.*
- *Manewales van Froom Faan.*


*In die volgende uitgawe van Swart op Wit ontleed ons DV sekere ontstellende aspekte van en feite rondom die nuwe NG katkisasieboeke vir st. 5.*

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987*

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

## Christus en die Weermag

Ons het 'n baie mooi plegtigheid van die Leër bygewoon waar jong leiers hulle range ontvang het. In 'n klein arena onderdak met paslike musiek en 'n kort treffende toespraak van die bevelvoerder.

Ek wens die jong kapelaan kon met sy boodskappie ook kersvashou. Dis net nie goed genoeg om te sê die jongmanne moet onthou dat God (hy noem Hom hulle "Skepper"), "dat julle Skepper ook 'n hand in julle sukses het" nie. Van so 'n handlangergod is hy nie geroep om 'n dienskneg te wees nie. God is die Almagtige en in Christus die Herskepper van hemel en aarde. Hy het nie hier en daar 'n handjie in, wat ons grootmoedig tog nie moet vergeet nie. Dit klink amper soos die "Heretjie" waarvan my oorlede ouma gepraat het.

As 'n kapelaan iets vir die (staat se) weermag (en polisie en bewaarders) wil sê, is dit dat hulle die orde moet skep en handhaaf waarin God se reddende en herskeppende woorde gehoor en geglo kan word. Hulle is die swaard in God se hand. Die weermag na buite (meesal) en die polisie en bewaarders na binne gerig.

Hulle sal nie net belangstellend daarna luister en daardeur getroos word nie, maar dit sal ook nog die waarheid wees. Teologie van 'n skepper sonder kruis is heidens.

## Mag en moet

Ek is allergies vir móét. As mense sê ons móét dit of dat doen om gered te word, dan weet ek dis 'n dwaling. Selfs as mense sê goed, ons is uit genade gered en dit beteken onvoorwaardelik maar dan móét hulle hulle met oorgawe aan die diens van die Here wy, dan wil ek steeds protesteer. Ons móét niks. As dit onvoorwaardelik is, en onvoorwaardelik bly, dan móét dit nie, dit mág. Jesus het ál ons skuld betaal, dit word verkondig, dit word gehoor, en wat hulle hoor, mág hulle glo. Dis byna ongelooflik, en wel ongehoord, maar die wonder van die evangelie is dat dit *geglo* mag word.

**Na bl. 4**

**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank
Administrasie: Annatjie Malan

ADRESSE
Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105

OUTEURSKAP
Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE
Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar.
Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE
SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987

## BYBELSTUDIE OU TESTAMENT

# DIE SLAAPWANDELAAR

**In ons meditasies oor Hooglied aanvaar ons die (onbewese) teorie dat Salomo se bruid die aanvallige Abisag uit 1 Kon. 1 is.**

**STUDIEGEDEELTE: Hoogl. 3:1 – 5**

**3:2: "Ek het opgestaan en in die stad rondgegaan op die strate en die pleine en hom wat ek liefhet gesoek; ek het hom gesoek en hom nie gekry nie."**

Hier, en weer in hoofstuk 5, gryp Hooglied die diepste in my hart. Hoewel haar gedig oor haar eensaamheid nie die welsprekendste is nie, lê dit waarskynlik die naaste aan die meeste mense se langdurigste ervaring. Eensaamheid. Een-alleenheid.

In 'n park in Eindhoven staan drie bronsbeelde van Eja Siepma van den Berg: 'n dogter, 'n meisie en 'n vrou. Waarskynlik was die bedoeling van die beeldhoudster om dieselfde mens in verskillende lewensfases uit te beeld, maar presies die teenoorgestelde is ook moontlik: dat dit die vrou in die algemeen voorstel — want nie een van die figure het 'n kop nie. Sit jý maar die gesig en die kop daarop wat jý wil. Dan sal die drie gesigte waarskynlik verskil. Baie min mense se dogtertjie-, meisie- en vrouliefde is dieselfde.

> *Het jy al gesien hoe leeg is die strate in die ná-nag? Jy loop alleen in die vuil strate en jy soek na hom of haar wat jy liefhet, maar jy vind nie.*

En elke afskeid van 'n ou gesig in jou lewe, spel hartseer en vervreemding, ontnugtering en nuwe eensaamheid. Vandat ons begin verstaan, soek ons na 'n lewensmaat en 'n baie groot deel van ons soektog is vrugteloos. As jy weer mooi kyk (of nie mooi genoeg kyk nie), is dit die verkeerde gesig. Dan loop jy maar weer verder deur die lewenspark en soek en soek deur al die gesigte na die lewensmaat wat jy meen vir jóú bedoel is.

En soms dink jy dat jy jou wederhelfte gevind het. Jou bestemming. Jou deel.

En dan beleef jy daarná van die eensaamste ure, dae, weke, maande van jou bestaan. "Op my bed in die nag het ek gesoek na hom wat ek liefhet; ek het na hom gesoek en hom nie gevind nie." (3:1)

Sy, Abisag, het egter nie na "iemand", 'n onbekende lewensmaat gesoek nie. Dan sou sy net vaagweg ongelukkig gewees het. Sy het gewéét na wie sy soek: na hom wat sy liefhet. Maar hy was nie dáár, in Sunem nie. Hy was in Jerusalem, of in Koffiefontein. Dit kon nie anders nie. Die lewe, die harde lewe het hom weggeneem en die afstand het 'n ewe groot leemte en leegte in die hart geskep.

Daarom het sy haarself aan die slaap gehuil teen die nat kussing in haar arms. "In die nag het ek op my bed gesoek na hom wat ek liefhet, maar hy was nie daar nie. Ek kon hom nie kry nie." (3:1)

Toe het sy opgestaan. Ek weet nie of dit werklik so was en of sy gedroom het nie. Miskien het sy in haar slaap geloop. "Ek het opgestaan en in die stad rondgedwaal, op die strate en die pleine." (3:2a)

Het jy al gesien hoe leeg is die strate in die na-nag? As die wind opsteek en die bietjie stof op die teerstraat rondjaag; en 'n leë papiersak skuif skor na die oorkant. Die robotte slaan getrou oor vir niemand nie. En die stoptekens staar verstard in die systrate af. Die nagwag slaap in sy kakiejas op die winkel se trappies en êrens ver skel 'n motorfiets histeries.

En jy loop alleen in die vuil strate wat eers teen dagbreek weer gevee sal word, en jy soek na hom of haar wat jy liefhet; "...op die strate en pleine het ek na hom gesoek wat ek liefhet, ek het hom

gesoek en hom nie gekry nie." (2b)

Wat sy wel gekry het, was die soldate, die polisie wat die stad patrolleer (3a). Wat stadiger ry en wonder wat jy dié tyd van die nag alleen in die middestad in jou motortjie maak. En dan die onskuld op jou jong verleë gesig sien, en verder ry, en in hulle kamma harde gedagtes hardop wonder wat

> *Ek hoop nie sy moes haar eensaamheid vergroot met 'n solovlug in selfgemaakte liefde nie.*

jy teen die ruit wou fluister.

"Het julle die man, die meisie, wat ek liefhet, gesien?" (3b)

* * *

Sy het tog maar gedroom. Net in haar drome kon sy hom (in vers 4) vind. Hy was tog nie in die stad nie. Hy het om die hoek van haar droom in die verlate droomstad ingestap. Dáár het sy hom wat sy liefhet, gekry, en vasgegryp, en hom nie laat los nie. Sy sou hom nóóit weer laat los nie. En sy sou haar vir ewig doof hou vir die woorde van die Prediker dat daar altyd weer 'n tyd kom waarin 'n mens ver is van omhelsing. (OV)

Toe het sy hom van die koue onherbergsame slapende stad af weggelei na die vertroude warm kamer in die huis van haar moeder. Na die kamer waar sy gebore is. En toe het hulle droomliefde weer eens vervulling gevind (soos later in 2:7).

*Vroue van Jerusalem, ek smeek julle*
*en ek roep die ribbokke en die*
*takbokke in die veld tot getuie:*
*moenie die liefde steur of blus*
*voordat die vlam daarvan*
*end-uit gebrand het nie. (3:5)*

Dit was 'n liefdesvervulling in 'n droom. Ek hoop dit was 'n droom. Ek hoop die droom het end-uit gehou, en dat sy nie in die donker na-nagure haar eensaamheid moes vergroot met 'n solo-vlug in selfgemaakte liefde nie.

* * *

Aan die begin het ek gesê dat ons almal se soektogte so dikwels misloop. Maar die gelowige huweliksformulier dink daar anders oor — met woorde wat baie diepsinniger is as wat die meeste blosende bruide en manhaftige bruidegomme in die lente van hulle liefde kan begryp. Hy sê dat ons moet (mag) glo dat God ons met sy eie hand na mekaar gelei het. Dit beteken nie dat God 'n volmaakte huwelik waarborg nie. Dit beteken dat God 'n hand het in al die skurwe en skewe skete wat ons algaande ontdek. In jouself en in jou maat. God wil jou daarmee regskaaf vir sy koninkryk. Jou haaks maak. Jou red uit die krom en verdraaide geslag waaruit jy gebore is.

God waarborg nie huwelike van maanskyn en rose nie. Hy waarborg wel die saligheid vir dié wat enduit met die geloof aan Hom vashou.

Van bl. 2

## Mag en moet

Maar toe oortuig iemand my daar is 'n manier om "moet" ook te sê. Nie móét in die sin van: Dit is die voorwaarde nie. Maar móét in die sin van: Jy móét dit net glo. Dit kan nie anders nie. Jy sal die grootste dwaas wees as jy dit nie glo nie. As Gód so sê — dat Hy al jou skuld betaal het — dan móét jy Hom glo. Hoe sal jy God nie glo nie? Jy móét net eenvoudig. Die evangelie van God se liefde oorrompel jou sodat jy op die lange duur nie anders kan as om oor te gee nie. Hy dwing jou om te glo, en dan móét jy.

Maar dat dit 'n vóór-waarde is — dat jy móét glo en vrugte dra of anders... Dít is om die evangelie grondig mis te verstaan en met die wet te verwar.

## "Beste" werke

Mense is dikwels bang dat hulle oor hulle sonde met die hel gestraf sal word; oor hulle mis- en wandade. In werklikheid het die Here nie eens nodig om ons oor ons sonde te verdoem nie, hy kan sommer ons "goeie" werke daarvoor gebruik, ons bestes — aldus art. 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Wie wil roem, moet maar liewer in die Here roem.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987

## BYBELSTUDIE NUWE TESTAMENT

# NÓG GETUIES

Studiegedeelte: Luk. 2:8 – 20

**Luk. 2:18: "Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het.**

By die eerste lees van ons Skrifgedeelte tref twee dinge ons: Dat God konsekwent 'n ander weg volg as die weg van die wêreld; dat Hy naamlik die sterkes met die swakkes beskaam, en dat Hy die skare getuies wat weet dat Maria en Josef se Seun die Messias is, al groter laat word. En dat hulle spraaksaam vertel van wat hulle weet. Al is dit dus so dat die geskiedskrywers van die wêreld nie weet van hierdie grootste van alle gebeurtenisse nie, daar is tog 'n skare mense wat weet.

Daar is Josef en Maria; Elisabet en Sagaria, en al hulle vriende; later kom Simeon en Anna by, en die wyses uit die Ooste. En hiér het ons te maak met 'n hele klomp skaapwagters.

***Daar is geen sprake van dat Jesus op aarde gebore is sonder voldoende getuies nie. Die mense kán dus geblameer word vir wat hulle gedoen het.***

Daar is dus geen sprake van dat Jesus Christus op aarde gebore word sonder dat die mense geblameer kan word dat hulle weet nie. Dit staan die hele Ou Testament vol, maar daarby laat God nou ook engele optree. So groot is sy genade. Hy laat dit nie by (sy) woorde alleen nie – as Hy nie die doop en die nagmaal saamgee nie, stuur Hy engele. Engele uit die hemel wat sing, is net so 'n groot wonder soos klippe wat dit uitroep.

En Hy stuur hulle na die laagste mense van die samelewing. God laat sy lof besing word in die mond van sosiale suigelinge. Nie die ryk koopmans nie. Nie die edelmanne en die oudstes nie. Nie koning Herodes en sy raad, Griekse wysgere of die wêreld se grootste koerante en tydskrifte met 'n voorbladfoto ad nauseam van Lady Di en haar babas nie. Nee, vuil skaapwagters wat sommer in die veld slaap. Jakkalse het gate en voëls het neste, maar hulle slaap sommer in die veld.

***God breek sy kinders nie brutaal in nie; Hy laat hulle eerder weer gebore word.***

Waarom doen God dit?

Ek weet nie. God kan enigiets doen. God kan die wêreld in 'n oogwink verander. Hy kan die bose, korrupte mense van die tafel afvee, die goddelose verdelg, maar Hy doen dit nie. Ek kan nie naastenby verduidelik waarom God wat doen nie. 'n Teodisee is 'n verwaande warboel van selfverheffing en neerbuigendheid. Ek kan maar net agter die Bybel aan stamel, en bewus wees van duisende skuiwergate wat my boodskap 'n dwaasheid maak vir Grieke en alle siniese geleerdes en halfgeleerdes. By alles wat God is, is Hy liefde. En liefde maak en is verdraagsaam. Dit is lankmoedig en vriendelik. Daarom maak God die mense nie dood en beëindig die geskiedenis nie. Hy laat die dinge bly geskied. Hy maak ook nie van die mense slawe en skaakmannetjies nie. Hy sing vir sy kinders. En Hy tug hulle, met sy liefde. God is die groot Opvoedkundige. Hy vorm nie, Hy lei, en begelei. Hy breek hulle nie brutaal in nie, Hy laat hulle eerder weer gebore word. Hy doen dit nie onder narkose nie, Hy doen dit met sy woorde. Sy woorde is 'n sagte vyl. Hy slyp die mense. Hy blaas die kooltjies aan in hulle harte met sy Gees-Asem. Hy speel op die fluit, so meesleurend, en diep, dat hulle nie anders kan as om te dans nie.

Daarom stuur Hy 'n engel na die geminagte skaapwagters toe, die laagstes, sodat almal hoër, kan glo.

As God skaapwagters kan begenadig, is timmermans en tollenaars vir Hom kinderspeletjies. En as die skaapwagters nie sing en dans nie, maar verskrik op die grond bly lê, stuur God blitssnel 'n koor uit die hemel, 'n menigte, 'n leër staan daar letterlik, van engele. Dit is die legioene wat ook tot Christus se beskikking gestaan het toe Pilatus van sy mag gepraat het.

Want die engel, die arm en die mond van God, vertel die grootste verhaal ooit: Ek bring vir julle die evangelie vir **almal**. Vandag is daar in die Dawidstadjie — so onbelangrik soos julle — die Verlosser gebore. Ja, die Messias, die Here. Ek weet júlle sal ook 'n teken wil hê: Gaan kyk: 'n kindjie, in doeke, in 'n krip. Hy lê. Hy druk nie slange met sy hande dood soos Herkules nie. Hy drink nie aan 'n wolf soos Remus en Romulus nie. God het die swakke uitverkies om die sterkes te beskaam.

Saam met hiérdie evangelie, móét daar gesing word. Dit kan nie anders nie. Want dit is die koninkryk van God wat om middernag aanbreek. Dit is nie 'n belofte nie. Wel, nie een vir die verre toekoms nie. Dit is 'n evangelie vir **vandag**. Amen, amen, sê die engel, voorwaar: **vandag** sal julle saam met Hom in die paradys wees. Dis soos 'n bevel van God uit die hemel, en die hele parade flits in één beweging.

Daarom is daar skielik, met-eens, 'n magtige koor uit die hemel. Die aarde het nie 'n koor nie. Die aardse kore sing by een of ander roesfees van Herodes of Augustus. Ek dink dit sal ook so wees as Jesus weer kom. Maar dan sál daar 'n aardse koor wees, al moet hulle uit die grafte opstaan.

Eer aan God sing die koor. Soli Deo gloria. Die koor weet waarvan hy sing. Dié God wat in die hoogste hemel woon. Nee, regisseur, weg met die ligte van die skaapherders en die skapies af. Op, in die hemel in. Dáár lê die eer.

Want dit is Gód wat vrede op die aarde bring. Hy bring dit vir die mense in wie Hy 'n welbehae het — dit is álmal sê vers 10. Regisseur, nóú terug met die lig na die herders toe. Kyk hulle is vuil. Gisteraand nog het hulle gedobbel en gedrink.* As ek net 'n rand per dag verdien het, sou ek hom waarskynlik ook uitgedrink het. Kyk dít is die mense, die sondaars, die hoere en die tollenaars, vir wie die boodskap van bevryding kom. As die eer vir die verlossing en die vrede aan Gód toekom, is dit irrelevant of mense verdiensteloos is. God het toe sommer betaal. Vir almal. (As almal maar wou glo.) Dwing hulle om in te kom. Laat die feeshuis vol word.

Dit moet tot een van die grootste misverstande ooit gereken word dat mense probeer het om Luk. 2:14b só te vertaal en te verstaan dat God sy Kind gestuur het vir dié wat dit werd is — "for all those pleasing him" (Living Bible). God se welbehae is die welbehae van 'n vader wat hardloop na sy nikswerd kind toe, omdat Hy dit nie oor sy hart kan kry om hom tereg te stel nie. Dit is die mense van sy goeie genade. Letterlik: "Among men of good pleasure."

Toe het die herders gegaan, en alles net so gevind — hoe anders — en aan almal in die herberg, ook aan Josef en Maria, van die engele vertel. Maar niemand het gesing nie. Die Grieks doen moeite om die teenstelling tussen die reaksie van Maria en die herders te beklemtoon. Hulle het gebabbel en geraas, máár Maria het geswyg. Sy het net met groot oë kennis geneem, en dit in haar hart rondgerol. Gedink oor wat dit tog kan beteken.

Toe is die skaapwagters vrolik daar weg, terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Want dit was alles net soos dit vir hulle gesê is. Haarfyn. Dit moes net eenvoudig van God kom. Kan jy dink.

* * *

En tog het al hierdie getuienisse niks gehelp nie. Drie en dertig jaar later was dit vergete. Wie kan hom nou te lank steur aan wat skaapwagters sê.* Hulle was seker vol soetwyn.

Maar die "vandag" van God se koninkryk het vandag gebly. Toe die hele volk, vir wie hierdie boodskap uit die hemel gekom het, skreeu: "Kruisig Hom! Laat Barabbas los, kruisig Hóm!", het God nie van sy vandag gister gemaak nie. Hy het één moordenaar met die skouspel oorrompel, en toe hy sy hande uitsteek, omdat hy die engele hoor sing, het die onbegrepe en verworpe Kripkind van Betlehem saam met die engel van sy geboorte gesê: Amen! Amen! Jy sal **vandag** saam met My in die paradys wees.

** Leon Morris skryf oor die herders: "As a class shepherds had a bad reputation. The nature of their calling kept them from observing the ceremonial law which meant so much to religious people. They were considered unreliable and were not allowed to give testimony in the law-courts." Maar dan voeg hy die merkwaardige en ongegronde sin daaraan toe: "There is no reason for thinking that Luke's shepherds were other than devout men, else why should God give them such a privelege?" (Tyndale New Testament Commentary, 84/5.)*

## TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

# GOD VOORSIEN

**VIR TIENERS WAT**

**BETER WIL VERSTAAN**

**HK 10:27,28**

Baie heidene het ook van God se voorsieningheid gepraat, soos die tweederangse filosoof Cicero. Selfs vandag nog is daar mense wat vir Christene deurgaan wat na God verwys as "Die Voorsienigheid".

Daarmee bedoel hulle dan dat daar " 'n Mag" is wat " 'n hand" in die dinge het. 'n Mag buite die mense. Die geskiedenis is nie blind nie. Daar sit "Iets" agter.

Maar dis maar 'n baie vae religieuse besef. Jy sou God dan net sowel "Die Noodlot" kon noem, en hom selfs kon vrees omdat die Noodlot van 'n soort humoristiese wraakgierigheid verdink word. Hy beskik wat mense wil hê, en lag dan oor hulle dwaasheid. As iemand die versugting slaak om tog nie oud te word nie, slaan hy dood neer — en word niks ouer nie.

Só praat die 10de hoofstukkie van die Heidelbergse Kategismus nié. Hoewel dit jammer is dat die frase wat in 9 voorkom — "ter wille van sy Seun Christus" — nie hier herhaal word nie, is dit tog die agtergrond daarvan.

Ter wille van die Seun, Jesus Christus, ons Here, voorsien God álles aan ons. Hy sien nie vooruit wat onvermydelik gaan gebeur nie, Hy voorsien dit. Hy "lewer" dit. Hy is die Leweransier. Die voorsienigheid van God is die uitdrukking wat boekstaaf en bedoel dat God die dinge met sy "Vaderhand" aan ons gee.

Wat gee?

Alles. Ons aanbid nie 'n welvaartsgod wat net goeie dinge gee — soos die hedendaagse sektes (o.m. Rhema) wat die mense met dié voordeel trek en van hulle vergeet as teenspoed hulle tref omdat niemand sy mislukkings reklameer nie.

> ***Ons aanbid nie 'n welvaartsgod wat alles gee soos ons dit vra nie. Alles is God se wil. Ook dit wat soms teen ons grein ingaan.***

Ons God voorsien groen blare en gras, reën én droogte, vrugbare en onvrugbare jare, kos én skaarste daaraan, gesondheid én siekte, rykdom én armoede, "en alles" (10:27)

Daarom kan ons saam met Calvyn sê dat álles God se wil is. Nie gelate nie, troosvol en troostend. Want Hy doen dit tot ons beswil.

Daarom sê 10:28 ook dit "baat" ons, dis tot ons voordeel dat ons dit weet, want nou kan ons in teenspoed geduldig wees en in voorspoed dankbaar. En ons kan ook die toekoms met vertroue tegemoet gaan omdat God op hierdie manier ons toekoms beheer en ons toekoms is. Ook ons in Suid-Afrika s'n. Ons toekoms lê nie in die VSA, ANC, NP of die Illuminati se hande nie, maar in Gód s'n; ons ten goede. Want "geen skepsel sal ons van sy liefde kan skei nie." Want "alle skepsels" is so "in sy hand" dat hulle sonder sy wil "hulle nie kan roer of beweeg nie."

Dít is die voorsienigheid van God — om Christus ontwil.

# Met bloed gekoop

Die wanvoorstelling, om dit nou maar nie 'n dwaling te noem nie, dat ons nie aan Jesus behoort voor ons Hom nie aangeneem het nie, word seker nêrens so duidelik in die Bybel weerspreek soos in Open. 5:9 nie.

Jesus het ons met sy bloed gekoop. Hoe kan daar enige twyfel bestaan of ons aan Jesus behoort? – natuurlik behoort ons aan Hom. Ons is sy eiendom. Hy het ons gekoop, met sy kosbaarder as goud bloed. Ons is duur gekoop.

Ons word nie Jesus se eiendom as ons Hom aanneem nie; nog minder word Hy dan ons eiendom! Wat ons aanneem, aanvaar, gló, is dat Jesus ons ten duurste gekoop het; dat ons sy eiendom is.

As 'n dominee dus in Die Kerkbode skryf: "Maar dan moet jy dit gaan haal...", is dit absoluut verkeerd. Die evangelie sê Hy het ons kom haal.

Nee, dis nie koue objektiwisme nie. Dis ons hartstogtelike geloof.

# God se skuld

Ek het maatskaplike werkers gaan toespreek by HF Verwoerd-hospitaal oor God en die gestremde. Verskeie was van die spinale eenheid en besprekingstyd was die vraag gou daar: Was dit God se skuld? – die seun van 24 wat nou verlam is na die motorfietsongeluk. As dit God se wil is, is hy vir God kwaad. Baie kwaad.

Alles is God se wil. Anders was ons troosteloos met ons magtelose God.

Sê vir hom al was die motorfiets en die ongeluk sý skuld, sê vir hom hy moet die skuld vir God gee. Hy kan maar. Dit is wat op Golgota gebeur het. God het die skuld op Hóm geneem. Hy het Jesus sonde gemaak vir ons. Die Sondebok. Soos toe Hy die skuld vir Josef se verkoop op Hom geneem het.

Gee God die skuld, en verwonder jou die res van jou lewe oor die kruis – die dwaasheid van God – wat ál jou skuld weggeneem het. Die mense het Jesus die skuld gegee, en toe het Hy dit gedra.

# Mense sê

Die nuwe Kerkbode is kleurig. En opwindend. Mens is angstig om te sien wie op die agterblad nou weer tot heilige verklaar word. Dis so anders as die agterblad van die Sondagkoerant.

# Val en spring

Wonderlik hoe mens by die katkisante en vir hulle antwoorde vind as jy hulle onder vier oë spreek.

"Het die Here Jesus vir ál jou sondes gesterf – tot die dag van jou dood?"

"Ja Dominee."

"Sal jy nie, as jy op 'n dag voor 'n ernstige sonde te staan kom, dit maar doen omdat Hy klaar daarvoor betaal het nie?"

"Nee Dominee."

"Maar as jy daarin val, moet jy nie aan die genade van God twyfel nie. Wag, laat ek jou sê hoe dit is!: Moenie daarin spring nie; maar as jy daarin val – moet dan nie aan die genade van God twyfel of/en in die sonde bly lê nie." Want die doop is 'n ontwyfelbare getuienis dat ons 'n *ewige* genadeverbond met God het.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987

UIT DIE BERGREDE

# DIE GEWER

**Studiegedeelte: Matt. 7:7—12**

**Matt. 7:12: "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?"**

Die argument is onfeilbaar. Van dáárdie kant af bekyk, kan niemand stry nie. God is goed; die mense sleg. As die slegte mense goeie dinge aan hulle kinders gee, sal die Goeie Vader in die hemel sekerlik minstens dieselfde doen.

Maar wie is die Goeie Vader in die hemel se kinders?

Die slegte mense?

Die mense wat so sleg is dat hulle nie bid nie; nie die goeie soek nie; nie klop nie. Wat leef asof God nie bestaan nie. Wat diep in hulle hart twyfel of God regtig kan doen wat hulle sou wou vra — kanker genees. Wat nog dieper in hulle harte wonder of God regtig bestaan. Of daar nie net leë ruimte is, miljarde kubieke ligjare groot, en die één sterwende planeet met 'n klompie mense wat sinloos huil en lag nie.

> *Die kinders van God — wat so bewerig klop — is mense wat wonder of God regtig bestaan; of daar nie net miljarde leë kubieke ligjare bestaan nie. Hoe eensaam kan ons tog wees op hierdie planeet.*

En 'n paar wat bid: "Ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie", en nie verhoor word nie, omdat God sulke gebede haat; en 'n paar ander wat bid "o God, wees my, sondaar, genadig", en wegsluip sonder om te weet dat God gehoor het.

Hoe ontsettend eensaam kan ons tog op hierdie planeet wees.

Net met die woorde van die skrynwerker se buite-egtelike Seun uit die klein dorpies Betlehem en Nasaret wat sê: "Vra, en vir julle sál gegee word; soek, en julle sál kry; klop en vir julle sál oopgemaak word..." Brose dun woorde wat in enige eeu so maklik weggelag of -gehuil kan word.

Die Seun wat later self gesê het dat Hy die Seun van God is, en met sy lewe daarvoor moes boet vanweë die slegte mense.

En die woorde wat opgeskryf is deur 'n gewese tollenaar, Matteus-Levi, en 'n outydse dokter (Luk. 11:9—13).

Maar CS Lewis sê Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God — en daarom God self — is, kan net één van twee dinge bewys: òf dat Jesus kranksinnig was, òf dat Hy die waarheid gepraat het. En die wêreld kon tog nie so diep beïnvloed gewees het deur 'n kranksinnige nie?

Of is dit deel van die kranksinnigheid van hierdie wêreld? Die droom van die Seun langs die mooierige meer in die klein, onaansienlike landjie Palestina, tot Hy op 33 ontnugterd uitroep: ***tetelesthai*** — dit is verby — en sterf?

Ek glo dit nie! Ek glo dit eenvoudig nie.

Al is ek dwaas in die oë van die wêreld, glo ek die woorde van Jesus, die Christus, van die Bybel. Daarom vra ek, en ek soek, en ek klop. Naarstig. Ek huil, en ek skree, en ek fluister. En ek loop aand vir aand van huis tot huis ter wille van hierdie selfde woorde — om vir die mense te sê hulle moet klop en soek en bid, en as hulle nie wil bid nie, dan bid ek namens hulle. Oor en oor.

Ek glo die woorde.

Of ek al gevind en daar al vir my oopgemaak is?

Nee, ek soek nog. Ek het nog nie gearriveer nie. Ek

wandel (soek-soek) nie deur aanskoue nie, maar deur die geloof (2 Kor. 5:7). As die koninkryk sigbaar was, waarom sou 'n mens dan nog daarna soek, daaraan en daarin glo? Daarom soek ek nog. En ek meen dat ek my hele lewe deur sal bly soek (klop-klop) omdat die Bybel sê die verborgenheid van die godsaligheid is groot ( 1 Tim. 3:16 – OV!) Dis 'n leeftyd se soekwerk. Terwyl ek nou hier in die hospitaal in die bed lê en skryf, is Oom Frans Smit dood; Oom Frans van die Oudag Boere-orkes wat die vorige Saterdag nog op die TV was. Hy was in die sewentig en hoewel hy ook nie gevind het nie, het hy bly glo. Ek het hòm elke Sondag twee keer in die kerk sien soek en bid. Ek glo dat daar vandag vir hom oopgemaak is.

> ***Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God is, kan net één van twee dinge bewys: òf dat Hy kranksinnig was, òf dat Hy God was.***

Soos ek glo daar vir my oopgemaak sál word.

Nie omdat ek soek en klop en bid nie, maar sodat ek nie tevergeefs sal soek en klop en bid nie, omdat Jesus, God self, dit beloof het.

Want God is nie net soos die slegte mense – wat gee omdat die kinders vra nie. God is God. Hy is nie 'n mens nie. God loop van die paradystyd af al na die mense en soek en staan by die deur en klop (Open. 3:20) en as hulle nie mooi weet wat om te bid nie, dan bid Hy in hulle plek (Joh. 17; Rom. 8:26). En Hy nóói hulle om te vra. Hy ***belowe*** om te antwoord. Swart op wit belowe Hy dit. Ek het dit self gelees.

Jy sien, dis eintlik byna onmoontlik om dit presies onder woorde te bring. Ek dink die grootste probleem is die tyd. Ek kan nie die werkwoordstye regkry nie. Nes Johannes op Patmos. As ek sê: Dit moet nog gebeur (toekomende tyd), dan sê God dit hét al gebeur (verlede tyd). "Ek hét 'n nuwe Jerusalem uit die hemel sien neerdaal" (Open. 21:2); "die ou dinge is verby, die nuwe hét gekom"; Jesus hét betaal, Hy het gered. Daarom hét God (en my ouers) my laat doop om te laat sertifiseer dat God my gered hét; dat God oopgemaak het voor ek nog geklop het, voor ek kon soek, my al gekry het. (Ges. 10:2)

God praat uit die ewigheid uit waar daar nie verlede en toekoms is nie. Miskien is alles daar net teenwoordige toekoms. Daarom praat Hy so. Hy sê: gebruik die verlede tyd sodat die mense kan weet dat as God belowe, dit so goed is asof dit reeds gebeur het, al het dit nog nie klaar gebeur nie.

Ek soek dus omdat ek gevind is, ek klop omdat God die graf die derde dag ná Golgota oopgemaak het. Ek bid omdat God my nie 'n brood of 'n vis sal gee of gegee het nie, maar sy Seun se lewe. Sy bloed wat ek selfs mag drink sodat ek tot in ewigheid nooit weer dors sal kry nie.

* * *

Waarom glo jy dit dan nie maar ook nie? Dis nie net vir mý nie. Jesus sê uitdruklik "elkeen"; elkeen wat vra en soek en klop.

En Jesus vra en soek en klop met hiérdie woorde van my; sý woorde in my mond en pen.

Of dink jy dat Jesus van Nasaret kranksinnig was?

* * *

In 7:12 staan woorde wat baie ander plekke ook staan en wat baie ander ook gesê het – waaronder Confucius. "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is immers waarop dit neerkom in die wet en die profete", die Bybel.

> ***As die mense nie wil klop en bid nie, klop en bid ek namens hulle.***

Maar niks wat Jesus gesê het, of die Bybel, is net soos wat ander gesê het nie, al klink dit soms so. Want niemand anders kon die koninkryk van God naby bring, soos Jesus nie. Niemand anders kon (só) namens die lewende God praat en ons oproep om soos ons hemelse Vader te wees nie.

Ons Vader wat brood en wyn en vis en lewende water en bloed verniet gee nie.

So moet ons ook wees, sê Jesus. Soos wat ons wens (God en) die mense met ons moet wees en moet doen.

Hét Jesus gesê. Daar op die berg en op baie plekke.

Maar al was dit so maklik dat selfs heidene dit kon sê, het die mense dit tog nie gedoen nie. Hulle het nie geklop en gevra en gesoek en welwillendheid

bewys nie. Miskien nog teenoor mekaar, dié wat vriende is, soos die heidene en Fariseërs ook doen, maar beslis nie teenoor Jesus nie. Ondanks sy hemelse belofte uit God se barmhartige hart van genade — dat hulle maar még vra — het hulle Hom onder kruisverhoor geneem en strikvrae gevra, soos met 'n misdadiger, en hulle haat soos slange gesis en 'n groot klip voor sy graf gerol om die episode mee af te sluit.

***Ek self het nog nie gevind nie en daar is nog nie finaal vir my oopgemaak nie. Die probleem is die tye van die werkwoorde.***

Toe het God Hom ongevraagd aan hulle teruggegee — as lewende Brood, en as ewige Lewe.

Selfs Christen-geleerdes het ontken dat Jesus opgestaan het. Rudolph Bultmann, die groot Duitse Nuwe Testamentikus, het gesê dis tog onmoontlik. Die gemeente het dit versin uit bewondering vir die edelmoedige daad, en Jesus moet in ons harte opstaan wat ook gebeur as ons die groot keuse vír Hom maak. Daarom is Bultmann tereg 'n intellektuele piëtis genoem.

***Die oop graf is 'n feit van die verlede wat Jesus uit die oop hemel sál laat terugkom.***

En 'n Hollandse geleerde het gesê dié deel van die bloed wat Jesus vir hóm gegee het, kan julle maar vir die hond gee.

Maar saam met die kerk van al die eeue glo ek dat Jesus waarlik opgestaan het. Dit was onmoontlik vir die graf om God gevange te hou. Hy is God en Heer van sy koninkryk wat regeer van die magtige regterhand van die Vader af, waar Hy ook vir ons bid, en sorg dat ons gebede verhoor word.

Daarom bly ek sy koninkryk soek en vra ek elke dag na sy Gees wat Hy beloof het en aan my toegesê het. (Luk. 11:13)

# Die Evangelies Gereformeerde Kerk

Ek verstaan dat die Nuwe Protestantse Kerk (vroeër genaamd die De Vosse) sy naam verander het na die Evangelies Gereformeerde Kerk. Iets sê vir my dat ons nog baie van dié kerk gaan hoor; dat die studiestuk voor die Algemene Sinode nie die laaste een sal wees nie. Want die ervaring wat ek van dié kerk opgedoen het, is dat hy nòg evangelies nòg gereformeerd is.

Gemeentelede se kind sterf in 'n fratsongeluk en word deur 'n Nuwe Protestantse dominee begrawe, want hy was dit. Ek en die wyksouderling en dié se diakenvrou gaan woon by om te ondersteun, en die dominee klim op die kapel se kanseltjie wetende dat hy hoofsaaklik 'n NG-gehoor voor hom het.

Die eerste wat hy sê is dat hy die oorledene ongelukkig nie eintlik goed geken het nie, en dat hy dus nie sal kan instaan daarvoor dat hy sy hart vir die Here gegee het en wedergebore was nie, en dat hy daarom nie sal kan sê of hy hemel of hel toe is nie.

Die res van die 45 minute gebruik hy om reklame vir sy kerk te maak. Blatant. Hoe hulle mense red, en hoe hy wens dit was vir hom moontlik om nou mense wat gered wil wees, vorentoe te roep sodat hy hulle kan red. Hy koppel dit aan sy Skriflesing oor Lasarus en die Ryk Man wat gestaaf het dat daar 'n hel is, en waarmee hy die mense waarsku en die skrik op die lyf ja. Hy sê daar word honderde kere meer oor die hel as oor die hemel in die Bybel gepraat. Die ouers troos hy nie. Nie in 'n enkele woord nie.

Na die diens loop ek na hom toe en sê ek vind dit bedenklik dat hy die dood van 'n man misbruik om sy kerk te adverteer. En waar kom hy daaraan dat Lasarus sy hart vir die Here gegee en duskant sigbaar wedergebore is?

Hy snak na sy asem en sê: Maar dit staan nie in die Bybel nie!

Juistement! Hoe kan jy dan 'n hele genadelose bekeringspreek daarop baseer?

Toe word hy kwaad en sê ek het hom nog nie gegroet nie.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987*

# BRIEWE MET VRAE

## GEMEENTEBOU

*Ek is 37 jaar oud, getroud, twee seuns, voormalige prokureur, tans in my voor-laaste jaar aan die Kweekskool; spesialiseer in Dogmatiek. Ek is 'n afstammeling van die Skotte — so reg uit die piëtistiese tradisie, wat hiér, in my teologiese studie, kom ontdek het wat 'n rykdom ek het: die diepte van God se genade, die troos van om buite jouself jou sekerheid te hê; en die ervaring telkens dat ek eintlik met my klein begrip net die dunste, vlakste oppervlakte van die volle diepte gepeil het.*

*Daarby, as tokkelok nou, die terugdeins vir die ontsettende verantwoordelikheid om te moet gaan sê: "So spreek die Here". Ek sou eerder prokureur wou bly, maar ek kan nie anders nie, ondanks die laagtepunte en brakkolle die afgelope vier jaar — nadat 'n ou in 'n vlaag van begeestering weggespring het, reuse aangedurf (en oorwin het nogal!) net om tot jou skok agter te kom dat bekering 'n proses is — ondanks dit, is dit maar elke slag weer vir my vas en seker: dít is my paadjie, kansel toe, sy dit dan skoorvoetend. En tog met opwinding, ongeduldige afwagting, om deel te mag hê aan God se avontuur met die mens; máár — om dit reg te sê...*

*U sê ú sê op 'n skerp manier. Ek neem u nie daarvoor kwalik nie, ek verstaan dit. Dit is aan die profete onder ons gegun om skerp te wees; 'n stomp mes kan nie sny nie. Maar ek verstaan die passie waarmee u praat en die saak waaroor dit vir u gaan, is ook my saak, teen wil en dank.*

*Mens se gedagtes loop baie draaie om die punt van jou pen terwyl jy skryf. Ek sou baie graag met u wou gesels eendag, sommer sonder agenda. Intussen miskien net 'n vraag: Wat is die alternatief tot die Gemeentebou-reeks? Ek dien hier op ons gemeente se gemeentebou-kommissie cum evangelisasie/ampsbediening-kommissie en dit is ons erns om van lidmate ledemate te maak, d.w.s. te hélp maak. Ons motto (en doelstelling) is "glo en bely", d.w.s. dat elkeen in die gemeente nie net sal glo (en weet wat hulle glo) nie, maar ook gewillig en in staat sal wees om te bely. Dit is tog mos die verpligting wat op elke gelowige rus, nie waar nie? Nou, by die eerste twee lê die knoop nie, wel by die laaste: wát gee jy jou lidmate in die hand en in die hart om van hulle werkers vir Christus te maak sonder om in metodisme te verval? Hoe reken u, kan die Gemeentebou-reeks "gered" word, of wat is die alternatief?*

*W.M. op S.*

Gangbaar word as alternatief vir arminiaanse metodisme die *verbond* as uitgangspunt geneem. Die werker het dan nie met ongereddenes te doen nie, maar met "verbondskinders".

Hoewel dit op 'n manier waar is, vind ek dit in die praktyk moeilik om die probleem so aan te pak, want beide die teenstanders (B) en die ondersteuners van die verbonds-metode (A) val dan vas in die steriele rusie of dié verbondskinders dan nou tot bekering moet kom, respektiewelik: of hulle gered moet word. A sê hulle is verbondskinders van die Here, so hoe kan jy hulle nog wil red, en B sê niemand kan in die koninkryk van God kom as hy nie weer gebore word nie, wat dan min of meer bekering beteken. Dan kom 'n groep C na vore wat beterweterig glimlag en sê natuurlik is hulle verbondskinders, maar hulle moet op die verbond *antwoord*, en dan kom al die metodistiese metodetjies weer by die agterdeur in.

Ek dink dit kan verkeerd wees om met die verbond te begin — as die verbond verkeerd verstaan word. Ek dink 'n mens moet by die troosbelofte begin net na die sondeval in die skepping. Anders gesê: 'n Mens moet by die barmhartigheid van God begin, die deernis in sy hart toe sy twee mense nakend en bewend van Hom af wegvlug agter die vyeblare in. En toe Hy nie die oordeel oor hulle bring nie, maar hulle troos met die belofte dat sy Seun hulle sal red.

Die verbond met Abraham, die óú testament, én die núwe testament (met sy kruis) lê in die verlengde van hierdie gesindheid in die hart van God wat liefde *is*. "Die verbond" kan nie verselfstandig

word tot 'n gebeurtenis wat sommige selfs laat wonder waarom die kruis dan ook nog nodig was nie; want dit word soms so voorgestel asof die verbond iets is wat los van die kruis staan.

Die verbond wil niks anders sê nie as dat ons al aan God verbond-e was nog voordat ons dit geweet het. Van Adam en Noag se tyd af al; en van Abraham, Isak en Jakob se tyd af. Daarom is die kinders op die agste *dag* besny, as teken van God se belofte waarin Hy Hom aan hulle *verbind* het voor hulle dit nog geweet het.

En as die nuwe verbond in die nuwe testament kom, gebeur dieselfde. Jesus sterf en red ons toe ons nog sondaars was, sê Paulus. Hy sterf nie vir vromes of gelowiges of selfs vir mense met die meriete van hulle uitverkorenheid agter hulle nie. Hy sterf vir goddeloses. Dis nie 'n justificatio electi nie, maar 'n justificatio impii.

En kort voor lank betuig en verseël die kinderdoop dit; dat ons al aan God verbonde was voor ons dit nog geweet het, en toe ons nog sondaars was. Ook ons wat nie daar was nie, en wat steeds in sonde ontvang en gebore word en God en mekaar haat as die druk hoog genoeg is.

* * *

Hierdie uiteensetting val nou seker onder die eerste vraag hierbo. Maar met die wíl en kán bely, die 2de en 3de, kan daar niks begin word as die eerste nie die evangelie bevat nie.

Iemand wat só glo, sal iets hê om te bely. Miskien moet ons liewer sê om van te getuig, want glo en bely is ongeveer dieselfde ding. Hy sal kan getuig dat God hom al liefgehad het voor hy nog gebore was, ja voor Hy nog die wêreld gemaak het; dat hy dit glo omdat hy dit in die Bybel gelees het en toe dit in die kerk aan hom verkondig en sakramenteel verseël is. Onder geen omstandighede moet hy losgelaat word om te "getuig" hoe hý dinge tussen hom en God reggemaak het nie. Ook nie hoe God nou alles doen wat hy van God vra nie — dan verwar hy God met sy bediende. Hy kan vertel van sy sekerheid, maar dan moet sý sekerheid 'n óns sekerheid en ten slotte 'n jóú sekerheid word. "Ons is seker dat ons aan God behoort omdat Hy ons met Jesus se bloed gekoop het. Dood seker. Want Hy sê dit in die Bybel. Hy sê dat Hy jóú met sy bloed gekoop hét."

* * *

Om die laaste doelstelling te bewerkstellig kan ons dan seker 'n rollespel speel totdat die ouderling, diaken, wyksleidster of watter vrywillige getuie ook al, dit vry gesê kan kry. Die mense hoor dit aan, en glo dit, maar nes hulle self daaroor moet praat, raak hulle deurmekaar en verval in die dwaalweë waarop en waarin hulle messal geprogrammeer is.

As ons net in 'n doelgerigte gemeentebou so ver soos moontlik kan wegkom van die idee af dat ons mense red en hulle dan stuur om ander ook te gaan red. Elke keer as bv. CCC of Marius-hulle dit in 'n gemeente doen, is die duiwel los. Ons "werkers", wat tog maar ons ampsdraers kan wees, gaan na kinders van die Here, al is dit ook hoeke snaakse kinders van die Here, om hulle insig in die evangelie te verdiep, dankbaarheid te wek, en hulle aan te spoor tot goeie werke — dié tipe waar die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie en wat nóóit 'n voorwaarde vir redding kan word nie.

Hulle kan dus wel die mense bekeer, maar dis dan 'n bekering uit onmag en vrees na die verlos-wees — omdat Christus ál my skuld betaal het tot die dag van my dood.

En daar moet aangesluit word by wat doop en nagmaal reeds gesertifiseer het. Dit kan nie sommer van die tafel af gevee word nie.

Belydenisgetroue gemeentevernuwing kan en mag nie opgaan in alles en nog wat wat die arme mense nóg moet doen nie. Hulle moet geleer word om 'n keer *niks* te doen nie; om hulle op God te verlaat. Die wat vermoeid en belas is, moet van hulle laste bevry word — van die idee dat hulle hulleself moet verlos.

As hulle dit die dag — want dis nie 'n kitsresep nie — verstaan en glo, sal hulle as vanself dankbare kerkgangers en getuies word.

## WAAR IS DIE HEMEL?

*Baie dankie vir Swart op Wit. Ek versprei dit net waar ek kan deur dit uit te leen, en maak dit nou tonge los! Uitstekende gesprekstof, sommer vir rondom die tafel by die huis ook. Dit word gretig gelees, ook deur ons kinders. Hou so aan asseblief.*

*Die November uitgawe se "Daar was eendag — oor sinodes se brille", is uit my hart gegryp. Maar dit vat jou kop om dit so te stel. Die humor, selfs daar waar ons wil huil... Maar ook die kerk se sondes het hul betreklikheid en relatiwiteit.*

*Tog is daar ook iets wat my gepla het in die uitgawe. Op bl. 20, in "Mevrou Dominee..." word gesê dat God "'n hemel vol mense uitverkies wat Hy... in die hemel opneem". Ek het moeite daarmee. Tensy jy met hemel die nuwe aarde, die nuwe, herstelde skepping bedoel. Ons is mos nie gemaak vir die hemel nie. Dis God se woonplek, al wil Hy ook by ons woon, en al is ons in Christus (en net in Hom) ook nou daar tuis, en al hoort hemel en aarde ook by mekaar. Vanwaar die gedagte dat ons hemel toe gaan? Is dit Bybels?*

*Lei dit nie ook daartoe dat die kerk maar politiek praat, pleks van om oor die politiek te praat nie? So kan die kerk gerieflik volkskerk bly en tewens "hemelwaarts" wys. Word die hemel nie so 'n vreemde abstraksie nie? Vir die beloning gaan ons maar kerk toe, betaal ons tiendes, en wag dit maar af; intussen konsentreer ons vir die huidige op die "aardse" en bedryf politiek en regverdig die beeld wat ons huidiglik van onsself het, met misbruik van die Bybel.*

*Nóg in dié verband: Beteken in die hele konteks van die Kolossense brief "die dinge daarbo waar Christus is"(3:1) nie juis om die aardse dinge te moet waardeer as dinge wat hul sin alleen in Christus het nie? Want "in Hom is alle dinge geskape" (1:16), die ganse volheid woon in Hom wat nou "bo" by die Vader in die hemel is. Daardeur het alle dinge, ook ons, tog nie minder aards geword nie, of hoe?*

*Dit is tog in dié perspektief wat ons ook politiek in Koninkrykskonteks (en die Koning is in die hemel) bedryf, al wil ons hoe graag hê sy Koninkryk moet 'n hemelryk wees? En al bedryf ons politiek asof sy Ryk 'n hemelryk is? Hoe naby beweeg ons nie aan Marx en kommunisme nie? Dit verg net dat ons vergeet van ons hemel-abstraksies en dan is die basiese verskil tussen ons en die marxiste glad nie meer sigbaar nie, en die verskille wat dan oorbly, is nie die moeite werd om van te praat nie. Dan maar eerder "rood als dood" soos die Hollanders sê. Dan maak ons eenvoudig reg vir 'n marxistiese bewind, nie om daaronder Christenonderdane te wees nie, maar om so 'n bewind ook maar reg te praat. Hoe sal sinode-uitsprake lyk onder sulke omstandighede? (Ek hoop van harte dat hervormingsaksie, so 'n bewind sal verhoed.) Daar is tekste wat ons ter regverdiging van kommunisme sou kon misbruik ook.*

*Ek sal baie bly wees as hierdie paar "krabbels" van my jou kan aanspoor tot een en ander om te lees in 'n volgende uitgawe van Swart op Wit. Jy sal die gees van my skrywe verstaan.*

*Prof. Phil Brouwer*
*SIBASA*

Daar is makliker en moeiliker dinge in prof. Brouwer se brief. Dis makliker om met eersgenoemde te begin.

Dit is aangenaam om te hoor hoeveel mense Swart op Wit by die Brouwers te lese kry, en dit wek die hoop in 'n mens se hart dat húlle ook nog eendag daarop gaan inteken. As ons 'n noemenswaardige getal intekenaars bykry, kan hy begin goedkoper kos.

Ek weet net so min van die nuwe aarde af as van die nuwe hemel. Ek weet net dat beide naby gekom het en steeds aan die kom is; en dat as ek sterf, ek heengaan om met Christus te wees waar dit verreweg die beste is. En ook dat as die einde gekom het, ons altyd by die Here sal wees.

As ek dus sê dat die Here 'n hemel vol mense uitverkies het, en dat Hy hulle daarin opneem, dan bedoel ek nie om dié plek geo- of caelografies van mekaar te skei of hulle te verbind nie. Die Bybel is nie 'n aard- of hemelrykskundige boek nie. Nie op 'n skoolse manier nie. Maar op 'n Bybelse manier is ons erfgename van die koninkryk van God wat 'n hemelryk is; nie uit die aarde aards nie. Ek meen dat die Bybel self ook so praat. In 1 Tes.4:17 sê Paulus dat ons dán altyd by die Here sal wees — tog in die hemel, ook in die konteks. 2 Kor.5:1 sê ons het 'n gebou in die hemel wat ons aardse liggaam vir ewig vervang; en Filip.3:20 sê ons burgerskap is in die hemele.

Ek kan nie regtig alles verstaan wat prof. Brouwer verder sê nie. Veral nie oor die ooreenkoms tussen ons en die Marxiste nie. Bedoel u dat as ons 'n aparte hemel koester, dit al verskil tussen ons en die Marxiste is en dat ons en die Marxiste dan origens net sowel éners oor die aarde duskant kan dink? Hulle: die aarde plus niks; Ons: dieselfde aarde plus 'n hemel as losse anneks?

As Jesus nie weer kom en ons opraap hemel toe nie, is die lewe sinloos. As Hy weer kom, maak dit al die verskil. Die Marxiste het net 'n hede om voor te leef en ons 'n toekoms wat die hede die moeite werd maak. Noordmans sê: Ons leef nie maar eenmaal nie, ons sal eenmaal lewe.

## WAT IS DIE VERBOND?

*Ek verwys na u artikel in "Swart op Wit" van Julie 1986.*

*1*

*Dat daar groot meningsverskil binne die geledere van die N.G. Kerk t.o.v. die Verbond bestaan, is baie duidelik — dit blyk nie net uit gesprekke met talle predikante nie, maar ook uit die prediking. 'n Geleerde professor het dan glad nou die aand op S.A. TV aangevoer dat ons met verbondskinders te doen het, daarom kan blanke leerlinge nie teen gekleurdes op die sportveld kompeteer nie — alle Blankes is dus verbondskinders, gekleurdes nie.*

*2*

*Ek ondervind nie verskille wat betref die wese van die volkome verlossing wat Christus aan die kruis bewerk het nie, wel* hoe *ek daardie verlossing deelagtig word. In die verband bestaan daar baie misverstand en ook verwarring rondom die betekenis van die verbond en die doop.*

*Uit wat ek in u artikels lees — ook in die Kerkbode — lei ek af dat u glo dat God by die doop "sertifiseer" en "bevestig" dat die dopeling reeds sy kind is in die sin van wedergeboorte en redding. Op grond van die uitverkiesing, geloof en wedergeboorte — waarin God alleen tog die inisiatief neem — sou 'n mens dus tot die volgende logiese gevolgtrekkings kan kom:*

*A*

*1*

*Alle gedooptes is dus wedergebore of sal nog tot wedergeboorte kom — so nie bring die doopsformulier mense onder 'n wanindruk.*

*2*

*Ten minste almal behorende tot die Gereformeerde kerke is dus gered en kan nooit weer verlore gaan nie. (Eenmaal kind, altyd kind). Of kan die dopeling die wedergeboorte "weier"?*

*3*

*'n Hoë persentasie van die preke van ons predikante is dus irrelevant en verwarrend vir verbondskinders.*

*B*

*Ek sou graag u kommentaar op die volgende sake wil kry:*

*1*

*In die lig van voorafgaande punte sou 'n mens dan kan praat van outomatisisme teenoor die metodisme?*

*2*

*U verduideliking van die verbond — by voorkeur dan bewyse uit die Bybel in plaas van die belydenisskrifte.*

*3*

*Karl Barth het gesê dat die kinderdoop die oorsaak is dat die kerk nie volgens Bybelse standaarde kan leef nie. Soos die verbond 'n nasionale karakter in die Ou Testament gehad het, gee ons nou die Nuwe Testamentiese verbond ook so 'n uiterlike en volkskarakter. Juis dit ervaar ons vandag in die praktyk — die onderskeid tussen kerk en wêreld vervaag in so 'n mate dat Bybelse waarhede slegs teorieë geword het wat Sondae verkondig word. Afval, onbetrokkenheid en kerkvervreemding van verbondskinders neem skrikwekkende afmetings aan. U kommentaar asseblief.*

*4*

*Die Ou Testamentiese verbond het wel baie voorregte meegebring. Het die besnydenis dieselfde saligheidseffek gehad soos ons in die nuwe verbond leer? Indien wel, hoekom is so baie Jode gestraf of het hulle gesterf sonder om die verbondsbeloftes te verkry? — of was hulle ook nogtans gered op grond van die verbond?*

*5*

*Behoort gedoopte kinders nie nagmaal te gebruik nie? — hulle Ou Testamentiese eweknieë het wel die Pasga gebruik.*

*C.J.F. Lourens*
*BRACKENFEL*

Ek het mnr. Lourens se interessante brief met sommige moeilike vrae in 'n A- en B-deel verdeel ten einde sy nommertjies sonder verwarring te bly gebruik.

Wat die inleiding betref sou ek graag wou weet wie dié geleerde professor is wat impliseer dat blanke kinders verbondskinders is en ander nie. Ek kyk baie min TV, want dan doen ek huisbesoek, en het die program nie gesien nie, maar selfs ongesiens betwyfel ek die professor se geleerdheid, hoewel nie sy professoraat nie.

Dit is nie (net) ek wat "glo" dat God by die doop die redding sertifiseer en bevestig nie. Die ***kerk*** glo dit. Die mense, ingesluit predikante in die N.G. Kerk wat dit nie glo nie, is flagrant in stryd met die doopformulier en die belydenisskrifte. Ek het dit enkele jare gelede, in antwoord op 'n aanval, in die Kerkbode aangetoon, en niemand het dit weer daarna betwis nie.

Ek aanvaar egter slegs verantwoordelikheid vir die woord "...sertifiseer ... dat die dopeling reeds sy kind is"... Wat u verder skryf raak ietwat troebel, en dit vertroebel ook die vrae wat u daarop baseer. "Op grond van die uitverkiesing, geloof en wedergeboorte — waarin God alleen tog die inisiatief neem..."

**Geloof**: Die kindjie word nie gedoop op grond van geloof nie, want hy kan nie glo nie. Hy word gedoop op grond van Christus se soenverdienste aan die kruis — ook ***sodat*** hy later makliker sal glo. God neem nie die inisiatief met die geloof voorgeboortelik, in ons byna bewussynlose suigelingskap, in ons slaap, onder narkose of in ons onderbewussyn nie. God laat ons glo deur die be-Geesterde evangelie wat ons oortuig, oorrompel en tot oorgawe dwing.

**Uitverkiesing**: Die kindertjies word ook nie gedoop op grond van die uitverkiesing nie. Dan sou die uitverkiesing nie meer God se (verskriklike) geheim gewees het waarin en waaroor ons nie nuuskierig mag krap en sommetjies maak nie. Woord-en-doop maak dit wel moontlik om aan die opgroeiende kind te sê dat God hom al liefgehad het voordat Hy nog die wêreld gemaak het, en hy mág dit glo.

**Wedergeboorte**: Die baba word ewe min op grond van ('n veronderstelde) wedergeboorte gedoop. Die weergeboorte word deur die Woord aan hom belowe en dié belofte word deur die doop gesertifiseer — so uitdruklik dat die Woord self(s) die doop die bad van die weergeboorte noem. Weergeboorte geskied ook nie onder narkose nie.

A

Die vrae wat u nou vra, noem u wel logies, maar dis nie 'n logika van die Bybel nie. Dis egter uiters aktueel en ek is baie bly dat u die moeite doen om dit so aan die orde te stel.

1

Calvyn het gesê al sou die hele wêreld ongelowig wees, bly die doop 'n egte doop. Die doop (en die doopsformulier) kan niemand onder 'n wanindruk bring nie, want wat hy gesertifiseerd belowe — 'n perseel in die hemel —, mag sonder enige voorbehoud geglo word. As iemand egter 'n tjek (wat deur God uitgeskryf én gewaarborg is) nie glo nie, en opskeur, het hy niks om te wissel nie. Dit is die onlogiese, onmoontlike moontlikheid van die sonde — wat die logika van u vraag A1 weerspreek.

2

Dit beantwoord ook u vraag A2, waarvan die formulering in 'n ongelukkige abstrakte toon geformuleer is. Gereformeerdes maak nie vir hulleself aanspraak op enige belofte van God wat nie vir álle Christene geld nie. Dit is juis hulle passie: om alle Christene se oë te open vir wat so glashelder in die Bybel geskrywe staan; die Bybel wat aan ***almal*** geskrywe is. Die werking van die Gees van God is onweerstaanbaar. Elkeen wat deur die Gees met die evangelie verbrysel word, sal dit getuig. Daar bestaan nie iets soos 'n vryheid waarmee mens die weergeboorte aanvaar of weier nie. Die keersy van hierdie wonderlike troos is egter die harde feit van die ***verharding*** wat weer die ***aaklige*** en tergende geheim van die onverklaarbare sonde boekstaaf.

3

Dat 'n hoë persentasie preke irrelevant en verwarrend is, is ongelukkig waar. Die verwarring is so groot dat dít wat die één troos, die ánder verwar in die beste omstandighede en dat dít wat die één vly die ánder verskrik in swakker omstandighede. Dat daar ook "gereformeerd" gedwaal kan word, sal u onder B1 sien.

B

1

In die teologie word daar, sover ek weet, nie onderskei tussen outomatisme en metodisme nie, maar tussen ***kwiëtisme*** en arminiaanse ***sinergisme***. Ek begryp egter wat u bedoel en hoop dat u nou reeds kan insien dat outomatisme nie die gereformeerde geloofsleer verteenwoordig nie. Kwiëtisme kom daarop neer dat die mens passief bly en Gods water loop dan maar oor Gods akker. Gereformeerde godsdiens, daarenteen, neem oorstelp van vreugde kennis van die redding buite ons, vir ons, gló dit

*aktief* en probeer die Here met alle mag dien en liefhê. Dit is die *mens* wat glo. God glo nie namens die mens nie. Maar die geloof is niks werd nie. Geloof is die werk van 'n sondaar, nie van 'n vrome nie. *Sinergisme* beteken *samewerking* en verkondig dat God sy deel gedoen het, en nou moet ons óns kant ook bring. God het nie, toe Hy ons skuld betaal het die kapitaal op mý rekening gekrediteer nie. Hy het die lompsom êrens neergesit (gedeponeer) en nou kan almal wat wil, dit daar gaan trek — aldus die dwaling van die sinergisme. Intussen sê die Bybel Christus het ons met sy bloed gekoop. Eens en vir altyd. Só het ons sy eiendom geword.

2

Ek moet die verbond uit die Bybel bewys. Hoe sal ek dit tog doen. Hoe kan mens hoegenaamd oor die Bybel daarsonder praat? God belowe om die gevalle mense te red; om nóóit weer die wêreld met water te verdrink nie; aan Abraham 'n erfgenaam, die beloofde land en die hemel; ook alles aan Isak, Jakob en dié se kinders; God dra Israel op eie inisiatief en teen hulle en Moses se sin in uit die slawerny van Egipte uit. Hy gee aan hulle die beloofde land, verduur die byna ondenkbaar dekadente Rigtertyd; gee 'n Dawid en Salomo en dan talle profete in hulle ligsinnige verskeurdheid wat van kwaad na erger loop. Maar die *verbond* dan? God doen al hierdie dinge omdat Hy dit in die paradys (en in sy ewige Vrederaad) al belowe het en (o.m.) met Abraham per geskrewe publieke verbond (ooreenkoms, kontrak, eed) bevestig en gesertifiseer het. Deur Jeremia beloof Hy selfs 'n nuwe verbond, nie omdat die ou verbond nie goed was nie, maar omdat Israel dié verbond so mishandel het dat die boek van blootstelling onleesbaar geword het. En met Christus op Golgota (veral) géé Hy dan ook dié nuwe verbond of testament wat hy met doop en nagmaal (tot) die weerkoms laat sertifiseer. Die teks wat die mééste in die hele Bybel voorkom, is die verbondsteks: Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees. Dis 'n belofte met 'n verbond gesertifiseer. (L.W. Dis nié 'n voorwaardelike belofte nie — Ek sal vir julle 'n God wees *mits* julle vir My 'n volk is nie.) Die verbond beteken dat ons aan God verbonde is voor ons dit nog weet, net omdat Hy dit belowe het, net omdat Hy ons jammer gekry het. Niks weerspieël dit so welsprekend soos die kinderdoop nie.

3

Ek het eenkeer in die kerkargief Kerkbodes van 1903 gaan naslaan waarin oor die boosheid van die tyd in dieselfde taal as B3 gepraat word. Karl Barth het in Duitsland opgetree waar Hitler probeer het om die kerk aan sy kant te kry vir Ariese rassesuiwerheid. Karl Barth is 'n verbondsteoloog tot en met. So erg dat hy, waarskynlik met reg van 'n objektiwisme beskuldig kan word waarin slegs God se genade funksioneer. Om Karl Barth as bondgenoot in te span teen verbondsteologie omdat hy 'n onbegrepe kinderdoop verwerp het, is om hom nie te verstaan nie.

4

Het die besnydenis dieselfde "saligheidseffek" gehad? Dit was, net soos die doop, 'n teken van God se genade. Maar ná Golgota en Pinkster is die intensiteit van die doop (en die nagmaal) uiteraard soveel hoër.

God het die boom menigmaal en drasties gesnoei, maar Hy het altyd 'n stomp, 'n worteltjie, 'n spruitjie laat oorbly. Vgl. weer A1. Die Bybel praat baie selde so individualisties soos u. Ek weet nie hoeveel Lasarusse vol swere en moordenaars God in die Ou Verbond gered het nie. Ek weet van die bloedskande-pleegster, Tamar, van die owerspeler Dawid, die vrouegek Simson en Ragab die hoer. Hierdie soort vrae laat ek graag (ook om myself ontwil) in God se hande — die regverdigste regter in hemel en aarde, en dan ook nog barmhartig. Ek val ook, soos Dawid, liewer in die hande van die lewende God as in die hande van die genadelose mense; wat soms regverdiger en dan weer genadiger as God meen te wees.

5

Daar is geen prinsipiële beswaar teen nagmaal vir kinders nie. Die kerk se erns met Paulus se woorde dat niemand die nagmaal moet gebruik wat die liggaam van die Here nie kan "onderskei" nie, het gemaak dat ons eers probeer seker maak dat die kinders weet wat hulle doen.

Nogmaals my dank aan hierdie ernstige leser — in die hoop dat my antwoorde sin maak.

## Antwoord aan Mnr. H.A.C. vd Berg

In die vorige uitgawes van Swart op Wit het ek mnr. HAC vd Berg van Parow by tye uitvoerig aan die woord gestel. Hoewel dit soms interessant was, begin ek en ander lesers nou in één opsig met hom saamstem. In sy woorde: Dit word 'n sirkus.

Hy maak gebruik van 'n eienaardige metode wat my laat dink aan 'n verkleurmannetjie wat glo hy's 'n (sirkus-) leeu. 'n Jaar of vier gelede was daar in Die Burger 'n hewige debat oor die Hallelujas waarin hy toe ook inspring asof hy 'n NG-lidmaat is. Toe weer onderrig hy my oor die erfsonde uit 'n ou NG katkisasieboek.

So mnr. vd Berg skroom nie om by die kerk wat hy verlaat het, kers te bly opsteek waar dit hom pas nie. Maar hy sal moet afleer om dit uit ou katkisasieboeke te doen; hy moet liewer die belydenisskrifte en die Bybel gebruik. Dan sal hy, wat die erfsonde betref — wat hy afmaak — in die Dordtse Leerreëls lees dat dit 'n dwaling is as mense leer: " 'n Mens kan nie sê dat die erfsonde alleen voldoende is om die hele menslike geslag te veroordeel nie". (III/IV, Dwalinge 1) Dít, hiérdie uitspraak, sê die NG Kerk, omdat die Bybel dit sê, is 'n dwaling.

Ons het in ons jarelange debat oor die kinderdoop by die erfsonde uitgekom omdat ek hom elke keer (soos Berkhoff) gekonfronteer het met die saligheid van vroeggestorwe kindertjies. Sê hy ja hulle word salig, om Christus ontwil — want dis ál manier waarop 'n mens salig kan word — dan sê ek: Dan kan jy hulle maar doop, want dít is wat die doop sertifiseer: Dat Christus vir die dopeling gesterf het.

Maar toe is mnr. vd Berg te slim. Toe sê hy, soos Pelagius en Arminius, kindertjies word salig omdat hulle, streng gesproke, nie sonde het nie. Die diepe verdorwenheid van die ganse menslike geslag (Rom. 5:12) moet dus 'n vergissing van Paulus en Dawid wees. Maar dit ís soos mnr. vd Berg sê: "Niks en niemand sal u van u wederdoop-dwaling laat afsien nie." En tog stem ek met hom saam: God spesialiseer in wonderwerke.

Dis eintlik jammer dat ons die debat nou moet afsluit — mnr. vd Berg pleit al lankal daarvoor — want ek sou darem graag wou gehoor het van watter ouderdom af 'n kind se sonde nou begin te tel. Ek hoop nie dít staan ook êrens in 'n katkisasieboek nie.

* * *

Ek het laas belowe dat ek op die res van sy brief van 15 September '86 sal terugkom, en ek doen dit nou graag vir oulaas. Al is die trant daarvan bitter snedig vir 'n wedergeborene.

*"Ek verstaan u verduideliking en argument dat... 'ons vroeggestorwe kindertjies hemel toe gaan omdat Christus die prys daarvoor betaal het.' Ongelukkig het ek (soos u self weet) nie enige teologiese skoling nie. U was moontlik by Stellenbosch, terwyl ek net by die Braambos was..."* En dan vra hy: *"Hierdie prys wat Jesus betaal het, is dit net van waarde vir die vroeggestorwe kindertjies van die NG Kerk-verbondsouers (wat dié ook al mag wees)...?"*

Nee, mnr. vd Berg, die NG Kerk is nie 'n sekte wat die saligheid vir homself opeis en die ander mense hel toe stuur nie. Onthou u nog hoe u vir my geskryf het hoe verkeerd die NG Kerk is — dat hy u amper in die hel laat beland het? Wel, ons stuur u en u kinders steeds nie hel toe nie. Wie hom op Jesus Christus verlaat — ongeag kerkverband — was aan Jesus en God verbonde voor hulle dit nog geweet het, en hulle en hulle kinders is salig, as hulle nie dié genade van God verwerp en vertrap nie.

U sarkasme 'n ent verderaan in u brief is dus heeltemal onnodig en onvanpas: *"In skrille kontras hiermee, skiet die algenoegsame prys wat Jesus betaal het blykbaar jammerlik net te kort om dieselfde aan buitestaanders van die NG Kerk se verbondsleer te kan doen, of so wil dit voorkom. Die vroeggestorwe kindertjies van Wederdopers ... het van die genade van Jesus se prys verval. Johannes die Wederdoper sê van Jesus: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Volgens u ... moes daar eintlik gestaan het: 'wat die sonde van die NG Kerk wegneem'."*

Nee, Meneer, nog eens, dis nie waar nie. Doop die babatjies gerus maar. En oorreed u vriende in die verskeie kerke waarin u beweeg om dit ook te doen. U het baie oortuigingskrag, polemiese energie en tyd ook, lyk dit my. Dan word ons weer één kerk. O blye dag...!

Nou verwys mnr. vd Berg ook na die kindertjies van die Moslems, Hindoes en Jode, en daar het hy my vas. Ek weet eerlik nie, en ek meen die beste Gereformeerde teoloë ook nie. Ons laat dit in God se hande — die mildste en regverdigste Regter wat daar is. Volgens menslike redenering gaan hulle verlore oor die erfsonde, maar dalk het God meer snare aan sy harp as waarvan ons weet. Hoe jammer tog dat u hierdie vraag nie gevra het toe u by die braambos was nie.

Die laaste saak: Mnr. vd Berg plak 'n knipsel van 'n fotokopie uit sy ou NG Kerk-katkisasieboek op sy brief wat sê dat God die wedergeboorte kan werk in die harte van klein kindertjies, sonder middele, en dat dít die rede is waarom hulle salig sterwe as hulle klein is.

U sal dit nie in 'n moderne katkisasieboek kry nie*, en ook nie in 'n belydenisskrif nie. Dit is Kuyper se

idee van die veronderstelde wedergeboorte, maar hy het die kerk op die lange duur nie oortuig nie. As 'n mens jou teologie nie by die braambos geleer het nie, weet jy dat dit heeltemal moontlik is dat teoloë kan fouteer. Net die Skrif is onfeilbaar — wat onweerspreeklik leer dat ons saligheid, u s'n ook, in Gód se hande is, en nie afhanklik van een of ander groot daad wat ons pleeg of van 'n rein gewete nie. Oor hoe verkeerd u dié teks in Hebreërs laas uitgelê het, het u toe in u brief geswyg. Dit maak nie saak nie. Solank u maar die fout ingesien het waarmee u God se genade skromelik misverstaan, ingekort en weerspreek het.

* Na die verskyning van die jongste boekie vir st. 5 sal ek hierdie stelling dalk later moet terugtrek.

## MÓÉT DIE NG KERK SÓ GLO?

Die volgende uitsprake is saamgestel uit korrespondensie met 'n NG leraar na wie opgesien word en sy interpretasie van wat "die NG Kerk nog altyd verkondig", kan seker beskou word as verteenwoordigend vir 'n aansienlike persentasie. Hy beskou die insigte wat Swart op Wit wil tuisbring, as verwarrend.

Sy standpunt:

1

*"Ek glo maar net soos die NG Kerk nog altyd verkondig het en ons professore aan die hand van die Bybel ons geleer het, en vandag nog leer, naamlik dat daar twee parallelle lyne in die verlossingsleer, of liewer in die Bybel geteken word, naamlik die vrymagtige genadewerking van God en die verantwoordelikheid van die mens. Enersyds stel die Bybel dit dat jy uit genade gered word omdat God jou uitverkies het tot die ewige lewe. Andersyds kom die Bybel met die eis van geloof en bekering en heiligmaking asof alles van jou afhang.*

2

*"Iemand het dit só gestel dat hierdie twee parallelle lyne mekaar bokant die balk ontmoet soos wanneer jy iets met 'n tou oor 'n balk ophys. Jy sien nie waar die twee bokant die balk ontmoet nie, maar jy weet dit kan nie anders nie.*

3

*"Verkondig en beklemtoon jy net die een, beland jy in 'n dooie formalisme wat die kerk kragteloos maak soos vandag in Europa. Beklemtoon jy weer net die verantwoordelikheid van die mens, beland jy in die metodisme ens. Maar dis tog interessant dat dit juis die piëtisme en metodisme is wat in herlewings die sterkste na vore kom.*

4

*"Met die bearbeiding van die verbondskind, wat tog reeds kind van God is, stuur ons af op die aanvaarding en/of bewuswording deur die kind van sy ryke erfenis. Hy moet tot geloof kom, d.w.s. daar moet beslissings, besluite kom. Hy sal (of mag) dit aanvanklik ondervind as iets wat uit hom alleen kom, maar mettertyd besef hy dat dit alles genade is en deur God gewerk is. 'Werk julle eie heil uit met vrese en bewing, want dit is God wat in julle werk beide om te wil en te werk na sy welbehae'. 'Kyk Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak'...*

5

*"Ek sal graag wil hoor wat jy sê van 'n verbondskind wat nie tot geloof kom nie, sy rug op God draai en 'n wêreldling word. Is dit God se se skuld of sýne? As hy skuld het, dan beteken dit tog ongehoorsaamheid, verkeerde besluite ens. Het hy dan nie ook 'n verantwoordelikheid t.o.v. sy redding nie?"*

Dit is so nuttig dat hierdie soort openhartige kommentaar voor ons kom, want daarsonder kry jy moeilik debat gevoer. Dit voel of jy alleen praat terwyl ander net brom.

Ek het die paragrawe genommer om kommentaar te vergemaklik.

T.o.v. 1

Een van die grootste probleme in die NG Kerk is dat 'n gróót persentasie dink dat die NG Kerk dit altyd so verkondig het, en dat dit daarom reg is. Daarom sit ons vandag in die NG Kerk met Reformatoriese belydenisskrifte, maar met 'n prediking en "sielsorg" wat grootliks georiënteer is nie aan die Reformasie nie, maar aan die Nadere Reformasie. En die Nadere Reformasie is 'n beweging terug na Rome toe; na die klem op die persoonlike vroomheid van die individu.

Die stelling in par. 1 kom daarop neer dat die Bybel nie helder (claritas) is nie, maar dubbelsinnig. Jy weet nie presies wat hy sê nie. Doen God nou álles, of is dit 'n kwessie van samewerking tussen God en mens? In die eeue tussen Paulus, Augustinus, Luther/Calvyn en Kohlbrugge, het die kerk só geredeneer: As God alles genadiglik doen, én verwag, móét ons die mens se aandeel beklemtoon. Een van die gedrogtelikste oplossings vir die sogenaamde dubbelsinnigheid, is dat God sekere eise aan ons stel, sekere voorwaardes, maar sommige dan genadiglik in staat stel om aan dié eise te voldoen.

Ek wil dit ten sterkste betwis dat die Bybel selfs gedeeltelik so uitgelê kan word dat die mens se redding in sy eie hande is — "asof alles van jou afhang". Nie eens die Ou Testament nie. Selfs die Tien Gebooie begin met die mededeling: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het." Nuwe Testamenties klink dit só: Ek is die Here jou God wat jou op Golgota van die sondeslawerny gered gered het. Beskou ons, saam met die Reformasie, Paulus se brief aan die hoofstad van die wêreld as die duidelikste uitleg van die héle Bybel, is 'n dubbelsinnige opvatting oor die aktiwiteite van God en mens eenvoudig uitgesluit.

T.o.v. 2

Ek ken ook die beeld van die twee toue oor die balk of die twee pilare wat agter die wolke één word, maar die onbegryplike verantwoordelikheid van die mens, is 'n verantwoordelikheid vir sy verlore-gaan. Dis nie God se skuld as 'n mens verlore gaan nie. Maar die mens se redding — daarvoor is God honderd persent verantwoordelik. In die kommentaar op par. 5 kom ek hierop terug.

T.o.v. 3

Dat ons in "dooie formalisme" beland as ons God se alleen-aandeel in die verlossing verkondig, word uitdruklik deur die Dordtse Leerreëls betwis en deur die geskiedenis van die Reformasie geloënstraf. As die broeder eerlik is, moet hy sê dat hy nie met I/13 en Dw. V/6 saamstem nie. En dan prys hy die metodisme en piëtisme aan wat in stryd is met die belydenisskrifte van die NG Kerk, en wat presies met die arminiaanse sinergistiese skema van God én die mens se aandeel werk. Byvoorbeeld dat bekering 'n voorwaarde vir redding is, wat die Dordtse Leerreëls weer eens in soveel woorde as 'n dwaling bestempel. (I/10; Dw. I/2,3,4,5,7; III/IV,9

T.o.v. 4

Die eerste sin is goeie teologie en gee mens hoop. As dit maar nie so in die koue staan en verkluim nie. Dit is egter geheel teenstrydig met wat daarop volg: dat die jongmens aanvanklik sy tot-geloofkom sal ondervind as iets wat uit hom alleen kom. (Later het die dominee "of mag" ná die "sal" ingevoeg.) Laat ek dit onomwonde sê: Iemand wat sy redding (al is dit deur die geloof) ervaar as iets wat uit homself kom, het nog nooit die evangelie gehoor nie. Wat hy gehoor het, is boeteprediking wat hom tot 'n besluit wil dwing op straf van die hel — hierdie keer in stryd met die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 24. Die kind van God wat tot geloof kom, glo die evangelie dat Jesus hom op die kruis gered het, hom met bloed gekoop het, sonder enige aandeel van sy kant. Hy ervaar ook sy gló nie as iets uit homself nie, want die evangelie is so magtig dat dit hom máák glo het.

Die twee tekste wat die leraar aanhaal, is ook nie verkeerd nie. Paulus roep op tot geloof in die redding van Christus en bemoedig dan die wankelmoedige hart met die belofte dat God hulle sal maak wil en doen. Net soos met die wedergeboorte.

Open. 3:20 is 'n wonderskone tekening van die God van liefde wat die eeue deur aan die deure klop, en dit met Golgota en Pinkster uit die kosyne klop. Dis geen voorwaarde-teologie met God potensieel verleë voor die toe deur nie. As jy sy stem hoor — wat vertel hoe Hy jou al liefgehad het voor Hy nog die wêreld gemaak het — sál jy oopmaak. Jy sal nie anders kan nie. Sy Gees en genade is onweerstaanbaar. Hy klop onweerstaanbaar ***met die kruis***! Hy sê ons moet klop, daar sál vir ons oopgemaak word, en as ons begin klop, hoor ons God reeds buite klop!

T.o.v. 5

Die "verantwoordelikheid" t.o.v. sy redding kan op twee maniere gesê en verstaan word. Die een is deur te sê die redding is onvoorwaardelik, daarom is dit onsinnig om te sê die mens is nog vir dít of dát verantwoordelik. Of jy kan "verantwoordelikheid" tussen aanhalingstekens plaas en dit paradoksaal bedoel. Jóú verantwoordelikheid is om ***niks*** te doen nie. Om jou oor te gee, op God alleen te vertrou, soos die drenkeling wat slap word sodat die lewensredder hom kan red. Maar dit is kennelik nie wat ons vraesteller bedoel nie. Hy kan gerus weer art. 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis noukeurig lees. En art. III/IV, 9 en 10 van die Dordtse Leerreëls wat die vraesteller se suggestie vergelyk met "die hooghartige kettery van Pelagius."

As 'n verbondskind sy rug op die Here draai, is dit hewiglik sy en die sonde se skuld. As hy dit nie



**Na bl. 24**

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987

# BYBELGEBRUIK EN EVANGELIE

En van die grootste probleme wat Protestantse kerke het, is dat Protestantse Christene en teoloë die Bybel verkeerd gebruik. (Die Roomse kerk het ons daarteen gewaarsku.) Die verkeerde gebruik van die Bybel kan op verskillende maniere beskrywe en verduidelik word.

**Wetties**

Die Bybel kan benader word as 'n *wet*, 'n groot wetboek, met 'n groot aantal voorskrifte en bepalings. 'n Mens moet sus en 'n mens moet só maak. Jy moet aan die volgende voorwaardes voldoen om in die hemel te kom. Is jy dan 'n Jood, is daar 613 wette om te gehoorsaam; is jy 'n Katoliek, is daar dalk 'n bietjie minder, en as jy 'n wettiese Protestant is, dan is daar net 'n handjievol, maar dit bly voorwaardes waaraan voldoen moet word. Die Bybel is soos 'n eksamenvraestel wat geslaag moet word voor die mens in die hemel kan kom. En 'n gelowige is dan nie iemand wat 'n boodskap glo nie, hy is 'n kandidaat wat 'n toets geslaag het.

> ***Die Bybel is nie 'n eksamenvraestel wat geslaag moet word voor ons in die hemel kan inkom nie.***

As 'n mens só oor die Bybel dink, begin jy die hele Bybel met so 'n bril te lees. Jy gooi nie die Bybel doelbewus weg nie, jy verstaan net alles wat in die Bybel staan wetties (of moralisties) en jy draai die feite so dat dit in jou verklaring pas.

Een van die baie voorbeelde van hierdie soort Bybelverklaring sal u vind in die manier waarop sommige Joh. 3 verstaan. Jesus sê vir Nikodemus: Jy moet opnuut gebore word. En dadelik maak sommige daarvan 'n wet, soos "jy mag nie steel nie, jy moet hard werk". Iets wat 'n mens moet dóén. Jesus sê dan "jy moet weer gebore word"? Maar in werklikheid praat Jesus nie oor wat die *mense* moet doen nie, maar oor wat Gód besig is om te doen. Soos die wind wat daar waai — jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie (Joh. 3:8). Hy verkondig die evangelie. Hy vra *geloof* vir wat God doen en gaan doen. Want wat by die mense onmoontlik is, is by God moontlik.

Nog 'n baie belangrike voorbeeld van wettiese Bybelverstaan kry ons by die sogenaamde doopopdrag van die Here Jesus. "Doop hulle . . ." sê Jesus. En die mense sê dis 'n *wet* wat gehoorsaam moet word. Daarom praat hulle ook van 'n doop van gehoorsaamheid, en swig uiteindelik voor die druk van die vrees dat 'n mens die hemel mag misloop as jy nie die opdragte, die "wette" van die Here nakom nie. As Hy sê dié wat glo moet gedoop word, dan gehoorsaam jy sy opdrag, of jy's in die moeilikheid.

In werklikheid, volgens die diepste bedoeling van die Skrif, is die doop nie 'n wet nie, nie 'n eksamen nie, dis 'n vergunning. 'n Doopvergunning. Die Here sê as ons glo, mag ons ons laat doop om ons te help glo dat ons as 't ware saam met Christus gekruisig is, en saam met Hom uit die dood opgestaan het. Al het ons nie regtig nie. In sy genade sal Hy dit so beskou.

**Legkaart**

Nog 'n manier waarop die Bybel verkeerd gelees en verstaan word — dis familie van die vorige manier — is as die Bybel soos 'n legkaart gebruik word. 'n Jigsaw puzzle. Die tekste is dan die stukke, die blokkies, en elke teks kan net op één plek pas. Meer presies is dit om te sê dat die Bybel 'n boek vol "begrippe" is, volgens hierdie foutiewe opvatting. Elke begrip is dan 'n blokkie van die legkaart.

> ***Die Bybel is nie 'n boek vol begrippe nie; daarom kan ons ook nie formules daarvan maak nie. God gebruik alle moontlike mensewoorde om aan ons te sê dat Hy ons op die kruis gered het.***

Die begrippe wat gebruik word, is woorde soos: geloof, bekering, wedergeboorte, doop, gehoorsaamheid, berou, boete, uitverkiesing, roeping, volharding, wegraping, binding, bevryding, verlossing, redding, oorgawe, aanneem ensovoorts.

U moet dit baie goed verstaan, anders help al die gepraat daaroor niks. Om die evangelie te verkondig beteken nie om 'n wet of 'n ultimatum af te

kondig nie. Dit beteken ook nie om mense te eksamineer of te ondervra nie. Of om hulle aanhoudend toets te laat skryf nie. Evangelieverkondiging beteken om vir die mense iets te *sê*. Aan te kondig. Te vertel. Om vir die mense die verhaal van die kruis te vertel. Want die evangelie is 'n verhaal. Die verhaal van hoe God toe gedoen het wat ons nie kon nie.

Dit is almal Bybelse woorde, maar nou word van hierdie woorde aparte begrippe gemaak wat in 'n sekere volgorde ingespan word soos krale in 'n string, en dan word van hierdie begrippe-reekse formules gemaak — wat vreemd is aan die oorspronklike bedoeling van die Bybel. In werklikheid beteken baie van hierdie woorde presies dieselfde: vir ons redding op die kruis gebruik die Bybel byvoorbeeld (o.m.) die volgende woorde: bevryding, verlossing, wedergeboorte, heiliging, wassing, reinigmaking, vernuwing, ens. Dit is een en dieselfde ding. Dis nie aparte begrippe nie. God gebruik ál ons mensewoorde om ons te oortuig van wat Hy op die kruis gedoen het.

Saam met hierdie verstarring van Bybelwoorde tot begrippe gebeur iets wat in die kerklike wêreld "metodisme" genoem word. Dit beteken dat die Christen- en die kerkmens nie meer soveel belangstelling het vir wat God oor die kruis op Golgota sê nie, maar dat sy belangstelling verskuif na die manier, die metode, waarop die mens *reageer* op die boodskap. Anders gesê: Jy kyk nie meer so stip na die hemel vir die hemelse boodskap nie, jy kyk stip na die mens om te sien hoe hy op die hemelse boodskap reageer. En jy werk 'n formule uit hoe hy moet reageer. (Sommige het dit gereduseer na "four steps into heaven".) Bv. daar moet berou onder trane wees, en skuldbelydenis, en 'n waarneembare bekering en wedergeboorte, en 'n uitgesproke aanneem van Jesus as persoonlike saligmaker. Hoe meer sektaries jy raak, hoe groter eise stel jy — spreek in tale, wonders, sake-suksesse ens. Veral op bekering en wedergeboorte word groot klem gelê. Die mens moet *anders* word. En hy moet kan getuig van hierdie andersheid. Hy moet kan sê: Eers was ek so en so sleg, en nou is dit nie meer so nie. Nou is ek anders. Ek is 'n wedergebore kind van die Here, nie meer 'n dwase maagd nie, 'n wyse. Tussen my en die Here is dinge reg. Ek het dit reggemaak. Ek het die nodige stappe geneem.

Al hierdie dinge is natuurlik nie heeltemal verkeerd nie. Dit is alles dinge wat uit die Bybel kom. Maar dis 'n foto wat geheel-en-al uit fokus geneem is. Dis wel dieselfde boom wat afgeneem word, maar die prentjie is totaal windskeef.

* * *

Hoe moet ons dan die Bybel gebruik?

Ons moet luister na wat die Bybel van homself sê. En die Bybel sê van homself dat hy *evangelie* is. Niemand kan dit betwis nie.

Wat beteken evangelie?

Dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament beteken dit "boodskap van blydskap". Blye tyding. Daarom word die evangelie ook *verkondig*, bekend gemaak, meegedeel, oorgedra.

Wat is dié blye boodskap?

Dit is die boodskap dat God Homself op Golgota met ons versoen het. Dit is die *hart* van die boodskap. Dat God, toe Hy gesien het ons kry dit nie reg om om te draai en versoening te kom praat nie, dat God toe albei die partye voorsien het, en met sy Seun (dus op 'n manier met Homself) versoening gepraat het. Buite ons om.

> ***As jy die kruis — wat die vrome Fariseërs en wettiese Skrifgeleerdes opgerig het — nie verstaan nie, probeer jy vergeefs agterkom wat die Bybelwoorde beteken.***

As 'n mens die Bybel wil uitlê, moet jy altyd eers kyk waar die kruis staan. Die kruis is die nok van die Bybeltent. As jy in die Bybel lees vóór die kruisiging, moet jy vorentoe kyk na die kruis wat aan die kom is; en as jy Handelinge, die briewe en Openbaring lees, moet jy altyd weer terugkyk na wat op die kruis gebeur het. As jy tekste probeer uitlê los van die kruis, kan jy seker wees dat jy êrens gaan verdwaal.

Daarom is dit so belangrik dat ons die kruis reg sal verstaan voordat ons begin om betekenisse te heg aan woorde (begrippe) soos wedergeboorte, bekering, geloof ens.

Die kruis is die einde van die eie geregtigheid van die mens. Die kruis is die plek waar God Homself met ons versoen het. Dit is die plek waar Jesus ons gered het. En, let wel, Jesus het die mense gered "toe hulle nog sondaars was". As u dit nie verstaan nie, help alles steeds niks. Jesus het nie bekeerde sondaars gered nie, hy het egte sondaars gered. En Hy het ons *ten volle* gered. Die Heidelbergse Kategismus sê: òf Jesus is 'n verlosser wat ons heeltemal gered het, òf Hy is nie 'n volkome verlosser nie. Dan is Hy 'n gebrekkige verlosser.

Nou die evangelie wat ons verkondig is dat Jesus ons volkome, *volledig* op Golgota gered het. Nie vromes nie, sondaars. Jesus het nie gekom om regverdiges te red nie, want hulle het nie 'n redder nodig nie, Hy het gekom om *sondaars* te red, siekes, bankrottes, lieplappers, vuilgoed.

Aan hierdie onwaardige sondaars, wat soos óns is, verkondig ons die evangelie: Dat Jesus hulle op Golgota gered het, en dat Hy hulle onvoorwaardelik gered het.

* * *

Nou is die vraag: Het die mens dan geen aandeel in sy redding nie? Moet hy nie ook sý kant bring nie?

En die antwoord is nee.

> ***Die kerk het elke keer in die helderste oomblikke van sy geskiedenis die dwaling dat ons met God moet saamwerk vir ons verlossing, afgewys.***

En dis nie net mý antwoord nie. Dwarsdeur die geskiedenis van die Christendom het die kerk die dwaling van wat genoem is "sinergisme", "samewerking", afgewys. Daarom is Pelagius verwerp, en die semi-pelagianisme. Daarom het die Hervorming standpunt ingeneem teen die Rooms-Katolieke kerkleer, en in die 17de eeu teen die Remonstrante en teen Arminius. Al hierdie rigtings het gesê God doen iets, Hy bied sy genade aan op Golgota, maar dan moet ons ook iets doen. God stel voorwaardes. Al hierdie dwaalrigtings het dus ons belydenis van onvoorwaardelike redding, verwerp. En, net soos vandag, hulle standpunt as vanselfsprekend beskou.

Maar daarmee het hulle in stryd gekom met die Bybel, en met die leer van die kruis. En met die diepste bedoeling van die Christendom, en die evangelie. Want die blye boodskap is dat Christus sondaars op Golgota gered het.

Wat doen die mens as hy hierdie evangelie hoor?

Hy glo dit of hy glo dit nie.

En hy kom tot bekering. Eintlik is glo en bekering dieselfde ding. Daarom sê die Here Jesus in Mark. 1:15: Bekeer julle en glo die evangelie. As 'n mens glo dat Jesus jou van die hel gered het op Golgota en jou vir God geheilig het, dan verander jou lewe. Dan lewe jy nie meer in wanhoop nie, maar in hoop. Dan het jy 'n toekoms, en jy leef soos iemand wat 'n toekoms het. As jy hoor en glo dat jy 'n koningskind is, dan lééf jy ook soos 'n koningskind. Anders glo jy dit mos nie. Anders huigel jy.

Maar jy word nie gered *omdat* jy glo nie. Jy glo dan dat jy op Golgota gered is. Hoe kan jou glo jou nou red? U moet dit uit u sisteem uitkry. Dis 'n dwaling. Dis makgemaakte heidendom. Dit beroof ons van ons diepste troos. Dit bring angs of verwaandheid in ons hart.

Dieselfde gebeur as ons van bekering 'n voorwaarde van ons redding maak. Dan kan ons nie net die kinderdoop nie meer verstaan en regverdig nie, ons redding word dan die beloning van ons bekering, en dit is eenvoudig nie waar nie. God het die saak op Golgota met Homself uitgemaak, en toe het Hy, op Golgota, met sy Seun se bloed, ons skarlakenrooi sonde skoon gewas tot dit so wit was soos sneeu en soos wol. In Jes. 40 word daar nog gesê dat Jesaja aan die volk moet verkondig dat sy stryd verby is en dat hy nou genoeg geboet het vir sy sonde, maar in die briewe van die Nuwe Testament word genade nie aan die volk verkondig omdat die volk geboet het vir die sonde nie, maar omdat *Christus* geboet het vir die sonde.

Om die evangelie aan te neem, en om Jesus, met sy verdienste, aan te neem, en tot bekering te kom, is een en dieselfde ding. Dit beteken om te bely — omdat jy dit glo — dat jy op Golgota gered is, en dat jy daarom voortaan vir die Here wil lewe. Dis nie 'n *voorwaarde* nie, dis 'n *gevolg* van jou redding. Want ons is onvoorwaardelik gered.

Dis heeltemal misplaas om bekering te sien as 'n voorwaarde waaraan voldoen moet word. Wat in feite gebeur, is dat 'n man van God af weghardloop hel toe, dat God se amptenare hom inhardloop en vir hom sê dat hy maar, onvoorwaardelik, kan omdraai en terugkom. Want God het op Golgota al sy skuld betaal. Dis so eenvoudig soos dit.

> ***As ons bekering 'n voorwaarde van ons redding maak, sal ons die kinderdoop nie verstaan nie, en ook nie kan verdedig nie.***

Nee, alle mense word nie gered nie. As almal sou glo, sal hulle gered word, maar ongelukkig wil almal nie glo nie. As jy losruk en jy bly hel toe hardloop, omdat jy nie glo nie, kom jy waar jy wil wees — in die hel — maar dit maak nie van jou omdraai 'n voorwaarde waaraan voldoen en wat dan beloon word nie.

Miskien sal daar van u wees wat dink dat ons hare kloof. Maar as u iets weet van die kerklike praktyk, sal u weet hoe ontsettend belangrik hierdie dinge is. Die verkeerd verstaan hiervan maak dat mense met die gereformeerde kerke breek en sektes toe gaan. Want die sektes werk met die skema van voorwaardelike — sinergistiese — redding. God het net 'n aanbod gemaak. Jy is nog nie gered nie. Hulle sê dit uitdruklik. As jy nog nie vir Jesus aangeneem het as jou persoonlike saligmaker nie, is jy nog nie gered nie. Al sê die kinderdoop wat. Jou redding is nog 'n saak wat uitgemaak moet word. Dis nog in die weegskaal. Dit hang van jóú af.

Dis 'n wêreld van verskil. Dis die verskil tussen angs en troos. En tussen verwaandheid en afhanklikheid van God.

Eers as jy Jesus aangeneem het, kan jy seker wees dat jy gered is, sê die sektes — en party van ons mense praat hulle so agterna. Maar na hierdie konstruksie moet u tog weer mooi kyk. Dit klink goed, maar as jy mooi kyk, sal jy sien dat dit 'n verdraaiing is. As 'n mens se sekerheid gebou word op jou geloof, jou aanneem van die Here, dan glo jy in werklikheid in jou geloof, in jou glo. En dit is ongeloof! Ons moenie in ons geloof glo nie, ons moet in Gód glo. En in die Woord van God.

Anders gesê: Ons glo nie dat ons gered word as ons ons harte vir die Here gee nie, ons gee ons harte vir die Here omdat Hy ons op Golgota gered het. Om te sê dat ons gered word as ons ons harte vir die Here gee, is om die evangelie op sy kop te draai. Dis die evangelie verkeerd-om; onderstebo.

Van bl. 20

**BRIEWE MET VRAE**

doen nie en die bankklerk in die hemel betaal die tjek uit wat dié sondaar gelowig aanbied, is dit teen Gód se rekening wat die tjek onderteken het. 'n Bank betaal tog nie 'n tjek uit omdat die aanbieder die tjek glo nie, maar op grond van die integriteit van die Trekker.

* * *

Die wonder van die evangelie is dat daar aan 'n mens verkondig mag en moet word dat die redding nie uit homself kom nie; dat hy buite homself gered is, en dat hy dit mág glo. Dit is die diepste troos van die evangelie, en hoe dit, hierdie helder, eenvoudige siening, mense kan verwar, gaan my verstand te bowe. Al wat ek kan dink, is dat dit so eenvoudig is dat mense, en ook leraars dink dis te goed om waar te wees en dan in die dubbelsinnigheid van die sinergisme gaan skuil, om nie dalk skuldig daaraan te wees dat hulle vir iemand gesê het hy is 'n kind van die Here, en dat hy hulle dalk glo, en dan is hy dalk nié, en dan het hulle hom mislei. Maar hierdie hele stuk vrees is uit verwarring gebore waarmee Swart op Wit niks te maak het nie. Die Bybel sê dit baie eenvoudig. Dit het God behaag om deur die prediking dié wat glo, te red. Deur *wat* hulle glo, nié deur *dat* hulle glo nie.

En die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dít is die ware godsdiens — wat ware dankbaarheid wek.

Van bl. 32 **OOM JOHNNIE SE LIEDJIE**

lykswa dat die blou rook by sy uitlaatpyp uit borrel, en daar gaan die stoet weer.

Rondom die graf het die skaretjie treurendes vergader en ek het so meelewend moontlik die oorledene "ter aarde bestel". Maar toe die kis wiegend op dié bande stadig in die graf afsak, gebeur 'n eienaardige ding.

Skielik sê die een seun: "Stop asseblief!" Die ondernemer stop die kis. Ek dog: het ek dalk iets verkeerd gedoen of gesê? Maar nee, want die seun vra in 'n stem wat so half deurslaan: "Sal oom Johnnie vir ons sy ou liedjie sing asseblief?" Met die laaste woorde oorweldig sy emosie hom so dat hy in trane uitbars, en saam met hom die hele familie. Hulle huil nie net nie, hulle wéén hulleself die verdrietigheid in.

Nou is die duiwel natuurlik ook oral met 'n mens en ek wonder skielik: watter liedjie moet oom Johnnie dan nou sing? Poor old Joe? Of angel voices ever calling, of dalk Oorkant die waters. . .?

Maar oom Johnnie is te bewoë om nog te kan sing ook. Hy kyk net af op sy stowwerige skoene en skud sy kop stadig heen en weer . . . nee, nie vandag nie.

"Laat sak maar weer" fluister ek vir die ondernemer, skaam vir my impulsiewe gedagtes, want by 'n begrafnis mag 'n mens nie oneerbiedig wees nie, dis heiligskennis.

Want eenmaal sal die engele ook vir my kom haal en wegdra na die boesem van vader Abraham.

En wanneer die duiwel my daar wil aankla van wufte lighartigheid op die rand van die graf, sal ek vir hom sê: "Liewe Duiwel, hou jy jou mond van my af, asseblief. Ek is ook 'n brandhout wat uit die vuur geruk is." (Sag. 3:2)

Ja, ek sal hom aanspreek as "liewe" duiwel, want daar bo durf 'n mens nie onbeleef wees nie.

**BELYDENISSKRIFTE**

——— Van bl. 1 ———

sondaars, maar Hy sien ons om Christus ontwil vir heiliges aan, en dis afgehandel, onveranderlik, en daarom 'n troos wat ons nie kan verloor nie.

* * *

Maar die Drie Formuliere praat tog ook oor goeie werke?

Dit is waar, maar dis juis hiér waar die leser van ons belydenisskat die ***tendens*** en die ***struktuur*** moet raaksien. Rome het die Reformasie beskuldig dat hy die goeie vrome dade van die heiliges minag, verkleineer en selfs by die deur uitvee. As álles genade is, en voor ons geboorte al afgehandel, dan kan ons mos maar onverskillig lewe? Die uitslag kan mos nie meer beïnvloed word nie?

> ***Die Drie Formuliere praat tog ook oor goeie werke?***

Dáárom lê die belydenisskrifte klem op goeie werke. Hulle verweer hulleself teen die klag van antinomianisme (wetsveragting) maar daar volg altyd 'n MAAR op die verweer. En vir hierdie MAAR moet u op die uitkyk wees. Dáárvoor wil ek u aandag vra.

Goeie werke doen ons, MAAR dit dra nie by tot ons redding nie, dis die gevolg daarvan, sê die Drie Formuliere van Enigheid. Dis ***dankbaarheid***-werke en dankbaarheid vólg op 'n afgehandelde reddingsdaad.

* * *

Ek sal nou probeer om hierdie MAAR-struktuur uit die belydenisskrifte self aan te toon.

Dit kom die duidelikste uit in die **Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)**.

Art. 23 sê dat ons salig word omdat ons sondes om Jesus ontwil vergewe is, "en dat ons geregtigheid voor God dáárin bestaan." Ons "roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alléén." Sou ons, sê dieselfde artikel, in watter geringe mate ook al, op onsself staatmaak, sal ons "verteer" word.

Maar nou sit antieke en moderne Roomse, Pous- en sektariesgesindes buite en in die kerk gereed met die vraag: Wat dan van die goeie dade? Die toewyding? Dan kan mens mos maar leef soos jy wil?, sê hulle. Dáárom volg art. 24 oor "ons heiligmaking en goeie werke".

> ***As ons redding nie van onsself afhang nie, kan ons mos maar lewe soos ons wil? Hierdie dwase vraag word eeue lank al gevra — asof dit nog nooit beantwoord is nie.***

Die Woord word gehoor en geglo en die Heilige Gees wederbaar die mens met die geglo-de Woord en maak van hom 'n "nuwe mens" wat 'n "nuwe lewe" kan lei en hom van "die verslawing aan die sonde bevry".

"Daarom..." luister tog moderne wysneuse "...is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof (dat Christus ons op die kruis gered het) die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie. ***Inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie, maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis.*** Dit is daarom ook onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sal bring nie...", en wat die gelowige mens dan doen, word deur God se genade geheilig.

"TOG (MAAR) geld hierdie werke nié vir ons regverdiging nie, want ons is geregverdig deur die geloof in Christus nog vóórdat ons goeie werke doen". "Hulle sou anders nie goed kon wees nie, net so min as wat die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is."

As iemand weer vir u sê, ten bate van die "ja, maar — goeie werke", dat 'n boom aan sy vrugte geken word, onthou dan art. 24 NGB.

> ***Ons bekering tot goeie werke kan nie 'n voorwaarde vir ons redding wees nie, want 'n boom kan nie goeie vrugte dra voor God hom nie lewendig maak nie.***

Art. 24 gaan voort:
"Ons doen dus goeie werke, MAAR nie om iets te verdien nie — wat sou ons tog kon verdien?"

Ons wil nie ontken dat God goeie werke beloon nie, sê dieselfde artikel, "MAAR dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon."

En nog: "Al doen ons goeie werke, maak ons dit GLAD NIE (d.i. MAAR) die grond van ons saligheid nie, ***want ons kan geen werk doen (lees: daad verrig) wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie***". In my plat Afrikaans gesê: Ons hoef nie bang te wees dat God ons dalk oor ons **grootste sonde** in die hel sal gooi nie. As Hy ons in die hel wil gooi, kan Hy dit sommer oor ons **beste daad** doen. Of dit nou uit dankbaarheid gebore is of nie.

***Die gangbare opvatting en spraakgebruik in die kerk oor die noodsaaklikheid van goeie werke, is presies andersom as in die belydenisse.***

Dít dan is die klem en die struktuur van die NGB oor geloof en "goeie" dade. Lê die klem nie só nie, sluit art. 24 af, "sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid; en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser (alléén) kon steun nie."

* * *

Die tendens, die profiel, die tekstuur, die bedoeling van die NGB is dus: ***goeie werke — MAAR onthou: dis deur die geloof, deur Christus, in genade alléén, vóór en sónder die goeie dade en vroom gemoedsgesteldheid dat ons gered word.***

MAAR: Let nou op hoe daar vandag en lankal in en rondom ons Gereformeerde kerke gepraat word. As iemand verkondig: geloof alléén, net maar glo, sola fide — dan sê 'n koor néé! geloof is nié genoeg nie! Dis nie geloof alleen nie, dis geloof ***plus***; plus die bewys, die vrugte daarvan. Dus net andersom as die NGB. Duiwels kan ook glo, sê hulle. Asof Jakobus bedoel het dat duiwels in die verlossing aan die kruis glo.

Dus:

***Die NGB: Goeie werke, MAAR onthou, dis nie 'n voorwaarde nie;***
***Die NGK: Geloof, MAAR onthou, óók goeie werke.***

Darem nie die hele NGK nie.

* * *

As u al moeg is, kan u hierdie artikel nou maar los, want die res is eintlik herhaling. Terwyl ek daarmee besig is, wil ek nou maar klaarmaak en dieselfde struktuur ook in die twee ander belydenisse aandui.

* * *

Die **Heidelbergse Kategismus (HK)** behandel ons magtelose verlorenheid in ons sonde en hoe Christus ons alléén daaruit gered het. Dan verduidelik hy hoe ons aan die redding deel kry — deur dit net maar te glo. (HK 23:59) Dit is die "nut", die voordeel van ons geloof.

Maar dit is 'n baie belangrike saak, 'n waterskeiding in die katkisasieboekie, so hy gaan dieper daarop in.

"Hoe is jy regverdig voor God?" Hoe werk dit presies?, vra hy.

***Die Heidelbergse Kategismus haal met 'n tikkie radeloosheid die skouers op en vra: Hoe anders kan ek deel kry aan wat Christus vir my gedoen het, as om dit te glo?***

"Slegs (sola) deur 'n ware geloof in Jesus Christus"; dit beteken: "al kla my gewete my aan dat ek teen ál die gebooie van God swaar gesondig het en nie één daarvan gehou (nagekom) het nie, én dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneigd is, dat God nogtans aan my ***sonder enige verdienste van my kant,*** uit louter genade (sola gratia) die volkome genoeg-doen(ing) geregtigheid en heiligheid van Christus (solus Christus) skenk. Dit reken Hy my toe asof ek nóóit sonde gehad of gedoen het nie..." (23:60)

Die antwoord sluit af met die mededeling dat ek aan hierdie weldaad deel het "vir sover" ek dit met 'n gelowige hart aanneem. (Ek sou graag in die oorspronklike taal fyner wil kyk na dié "vir sover" — wat hier klink na 'n voorwaarde. Dit kan egter nie die bedoeling wees nie, want net in die volgende vraag en antwoord word die gedagte dat ***die geloof*** red, uitdruklik van die hand gewys.)

***Besmet beteken nie spatsels nie, dit beteken deurkanker, melaats.***

"Waarom sê jy dat jy ***slegs*** deur die ***geloof*** (sola fide) regverdig is?

"Nié omdat ek op grond van die *waarde* van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening ... van Christus my geregtigheid voor God is. En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie." (23:61)

Die bedoeling en toon van die laaste sin is om met 'n tikkie radeloosheid die skouers op te haal en te vra: Wat anders kan ek daarmee doen as om dit te glo? En die "my eie maak" beteken nie dat dit nie myne was voordat ek dit my eie gemaak het nie. Deel van my glo is dat Gód my gered het. Ons eien ons toe wat Christus op ons naam gekrediteer het.

MAAR (!) waarom kan ons goeie werke nie ons geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie?

"Omdat ... ook ons *beste* werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sonde besmet is." (24:62) Besmet beteken nie spatsels nie. Dit beteken deurspek, melaats.

> ***Dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeent is, nie vrugte sal dra nie. 'n Ware geloof is 'n geloof wat niks van homself verwag nie, maar álles van Christus.***

Volgende vraag: "Verdien ons goeie werke dan niks nie...?

Ja, MAAR "hierdie beloning word nie uit verdienste nie, MAAR uit genade gegee. (24:63)

"Maar maak hierdie leer nie die mense onverskillig en roekeloos nie?" Kyk kollegas: Dit staan al vier eeue in die belydenis: "Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie."

En sê nou my geloof is nie waar en eg genoeg nie? "*Ware* geloof beteken dat jy niks van jou geloof verwag nie, maar alles van Christus." (Theron) "Hoe kan 'n mens dit waag om in plaas van te sien op die Lam van God, te kyk na my sien om te sien of dit die regte sien is?" (Miskotte)

* * *

Dan kom die HK by die dankbaarheid waar hy die hele Tien Gebooe as reëls van dankbaarheid ontleed.

MAAR dan vra hy: "MAAR kan dié wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?"

En hy antwoord natuurlik: "Nee, want selfs die allerheiligste het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n *geringe begin* van hierdie gehoorsaamheid, maar (hier funksioneer die "maar" 'n keer andersom) tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme *begin* om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe." (44:114)

Dus: Weg van my lyf af, vrome aanklaer. Ek strewe ook na ál die gebooie.

MAAR: "Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou *as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie*? Kortweg: MAAR niemand kan dit dan onderhou nie?

> ***Lees tog mooi waarom ons goeie dade moet doen terwyl dit op die keper niks beteken nie.***

"Sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (Wie praat tog so maklik van *groei*?!), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid van Christus kan soek." Dít staan, veelbetekenend, voorop. Eers daarna volg: "Tweedens moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van (die barmhartige) God vernuwe mag word totdat ons (L.W.) ná hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik." (44:115)

Hier word dus beskrywe waarna ons strewe, nie wat ons bereik het nie. Nie dat ek dit al verkry het nie, maar ek jaag daarna. Herlees dit gerus ook in die lig van Rom. 7.

* * *

Die **Dordtse Leerreëls** is 'n perd van ietwat 'n ander kleur. Nie dat hy iets anders sê nie, maar dis asof die kerk hom so vererg het vir die mense wat maar nie wil verstaan nie, dat hy dit dan maar 'n keer so kras sê dat 'n mens se hare byna rys en jou ore wil tuit.

Dit handel oor die Goddelike uitverkiesing (en verwerping), maar nie net daaroor nie. Op die basis van hierdie volstrek eensydige daad van God word ook uitsprake gemaak oor "Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood" (Hfst. 2); "Die verdorwenheid van die mens, sy be-

kering tot God en die wyse waarop dit plaasvind" (Hfst. 3,4) en "Die volharding van die Heiliges". (Hfst. 5)

Indien moontlik nog meer as die ander twee, hamer Dordt op die eensydige verlossing van die mens waarin die goeie dade, deugde en toewyding van die mens géén rol speel nie. Ek gee 'n bloemlesing van dit wat dwarsdeur die ruggraat vorm.

"Om mense tot geloof te bring, stuur God uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap (van redding) na wie Hy wil en wanneer Hy wil." (I,3) As hulle nie glo nie, lê die skuld daarvan nie by God nie; "die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom, is egter 'n genadegawe van God." (I,5) Gód buig die harte van die uitverkorenes tot hulle glo — wat vir die godvresendes 'n onuitspreeklike troos is. (I,6)

"Die uitverkorenes is ... nie beter of waardiger as ander nie ... Nogtans het Hy hulle, uit volkome vrye welbehae ... en uit louter genade (sola gratia) tot die saligheid in Christus uitverkies." (I,7)

MAAR: "Hierdie uitverkiesing het nie *op grond van* (sý beklemtoning — soos meermale) ... geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie... Die uitverkiesing is immers die *oorsaak* van geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid ens... Die apostel getuig immers: Hy het ons uitverkies '...om heilig en onberispelik voor Hom te wees' (Ef. 1:4), en *nie ómdat* ons alreeds so was nie. (I,9)

Dít herhaal Dordt aanhoudend. As die mense en sommige dominees Dordt maar wou lees.

"Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is ... slégs die welbehae van God. Dit bestaan nié daarin dat Hy uit alle moontlikhede, sekere menslike hoedanighede of dade as voorwaarde vir die saligheid uitgekies het nie." (I,10)

> ***Die Dordtste Leerreëls is geskryf in 'n trant wat 'n mens se hare laat rys. Dit wil voorkom asof die kerk hom so vererg het dat hy besluit het om dit dan maar 'n keer so uiters kras te sê.***

Hierdie uitverkorenes, óns, jý — dié wat God al liefgehad het voor hulle gebore is, ja vóór die skepping verkry sekerheid daarvan "as hulle in hulleself die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing ... waarneem." Maar moenie ophou lees en in wanhoop neerstort nie. "Hierdie ... vrugte van die uitverkiesing is die ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde ... die honger en dors na die geregtigheid..." (I,12) Dus nié: ek het nou al dít, en dít, en alles reggekry nie.

* * *

Maar wat dan van die goeie dade? As die uitverkiesing alles bepaal en veroorsaak, kan mens mos maar leef soos jy wil. Dit was nie net 400 jaar gelede die slim vraag nie. Paulus is al so kamma vroom tereggewys — Rom. 3:8).

"Dit is ... onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daaroor die kinders van God sal laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sal word deur 'n sondige lewe te lei." (I,13)

Struktureel sou die "MAAR" van die NGB hier gepas het, maar die hele Dordste belydenis is een groot MAAR. As die uitverkiesing die wortel is, vóór die goeie werke nog kon geprobeer gewees het, wie by sy sinne kan nou daarvan 'n faktor by die redding maak?

* * *

Ek is al beskuldig daarvan dat ek "die gemeente met die uitverkiesing bombardeer" (die "motiveer" is verswyg), en selfs van dwaalleer aangekla. Dit het my altyd opgeval dat dit van die voorste vromes is wat kwaad word, maar dat die ou kleintjies, die randeiers, dié wat in die kerk insluip, hulle laat troos. Dit bemoedig my, want die Leerreëls van Dordt sê uitdruklik dat dít is wat moet gebeur.

Die kleinmoediges "moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor nie. Hulle moet hulleself ook nie onder die verworpenes reken nie, maar ywerig voortgaan om die middele te gebruik (Woord, sakramente, gebed), vurig verlang na die tye van oorvloediger genade en dit ook met eerbied en ootmoed verwag. Hulle wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, om Hom alleen gehoorsaam te wees en van die liggaam van die dood verlos te word, maar op die pad van die vroomheid en die geloof nog nie so ver gekom het as wat hulle wel wou nie, behoort *nog minder* die leer van die verwerping te vrees. Die barmhartige God het immers beloof dat Hy die dowwe lamppit nié sal uitblus, en die geknakte riet nié sal verbreek nie." (I,16)

* * *

En dan word die dwalinge verwerp.

Dit is nie 'n "voorwaardelike" uitverkiesing nie. Dit is 'n dwaling dat iemand deur die geloof geregverdig kan word sonder om salig te word. (Dw. I,2) M.a.w. die gedagte aan die geloof *plus* iets word onomwonde verwerp.

God het nie die "werke van die wet", selfs nie die "wesenlik onverdienstelike" daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot voorwaarde vir die saligheid gestel nie. "Hierdie skadelike dwaling", sê die Sinode van Dordt, "maak die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos." Hy haal Paulus wat aan Timoteus skryf, aan: "Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het." (Dw. I,3 en 2 Tim. 1:9)

En die belydenisskrif verwerp die dwaling wat meen: "Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word, is dat die mens ... vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees — asof die uitverkiesing op een of ander manier van hierdie dinge sou afhang." (Dw. I,4) Dit gaan ook nie oor die "vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en vroomheid", waardeur "hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nié uitverkies word nie." Die "geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding" is "vrugte" en "gevolge" van die "onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid" MAAR nié "noodsaaklike voorwaardes en oorsake" van die uitverkiesing en redding nie. (Dw. I,5)

> ***Die hele Dordtse belydenis is één groot MAAR.***

Dat ons redding waarlik onvoorwaardelik is, word in par. 7 van hoofstuk 1 se verwerping van dwalinge uitgespel. "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Daar is in hierdie lewe ... geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe dié wat van 'n veranderlike en onsekere voorwaarde afhang." M.a.w. 'n voorwaarde waaraan óns moet voldoen, en waarvan jy agterna kan wonder of jy dit nou regtig goed genoeg gedoen het. "Die Sinode leer: Nie alleen is dit ongerymd om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is nie, maar dit is ook strydig met die ervaring van die heiliges", en dan noem hulle Paulus se sekerheid op grond van die genade van God, en Jesus wat sê dat sy dissipels se name in die hemel opgeskrywe is. (Dw. I,7)

* * *

Hoofstuk twee is korter en ek wys slegs op die verwerping van twee dwalinge. Nadat die soenverdienste van Christus op die kruis uiteengesit is, en in par. II,7 gesê is dat elkeen wat glo, hierdie weldaad "slegs uit die genade van God ontvang", en dat hierdie genade "van ewigheid af in Christus aan hulle gegee (is), sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is" (wat dit dus moes verdien het sodat God hom die betaling skuld), ná hierdie bekende dinge, verwerp die belydenisskrif die dwaling van hulle wat leer: dat Christus deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien het nie". (II,3) Kyk mooi: dis 'n dwaling. Die sinode leer: "Hierdie mense minag die dood van Christus volkome en aanvaar op geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug."

> ***Indien moontlik nog meer as die ander twee hamer Dordt op die eensydige verlossing van die mens waarin goeie dade, deugde en toewyding géén rol speel nie.***

Ek sê mos hulle was kwaad. En om te dink toe Augustinus dit vir die genade teen Pelagius opgeneem het, is Pelagius se standpunt oor die mens wat vir God moet kies, as die vanselfsprekende standpunt van die kerk aanvaar.

Die belydenis verwerp voorts die opvatting dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid van die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou, en dit dan uit genade (L.W.!) waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon. 'n Kerkgeleerde van ons het hierdie dwaling in vrome onnoselheid só gestel: God stel eise aan ons, soos geloof en bekering, en dan stel Hy ons genadiglik in staat om aan die eise te voldoen. Ek hoop hy het intussen tot bekering gekom. Die Dordtse Sinode sê hierdie leer van die goddelose Socinius is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk. (II,4)

* * *

Hoofstuk 3 en 4 bespreek dan die verdorwenheid en bekering van die mens.

Hy sê as die Heilige Gees ons nie genadiglik weer

gebore laat word nie, kan en wil die mens nie sy ver dorwe natuur verbeter of selfs "onderneem om dit te verbeter" nie. (III/IV,3) Dit help dus niks om op die mense te skree en hulle bang te maak en te besweer nie. Al wat jy kan doen, is om soos Jesus met Saggeus die ruimte te skep waarin hulle troos en die belofte van die nuwe geboorte kan hoor, en kan glo. Maar om die eis te stel dat hulle eers moet skoon kom of aan die was, voordat God 'n onderhoud sal toestaan, is heidens sê III/IV,3. Die mens kan nie eers sy gewone sake hanteer sonder om in korrupsie te verval nie, wat nog te sê om sy sake met Gód in orde te kry. (III/IV,4)

> ***Die vrugte van die uitverkiesing is nie magtige dade nie, maar 'n vashou aan Christus, kinderlike vrees van God, droefheid oor die sonde, honger en dors na geregtigheid.***

In III/IV staan 'n merkwaardige paragraaf. As iemand die Dordtse Leerreëls van blinde determinisme verdink het, val dit hier plat. "Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: die geroepenes moet (net soos hulle is) na Hom toe kom. In alle erns beloof Hy aan almal wat na Hom toe kom en glo, die rus vir hulle siele en die ewige lewe." Art. 9 sê dan weer dat dié wat nié kom nie, self skuldig is — ook dié wat nie met die "binneste van hulle hart" glo nie, en byvoorbeeld die saad van die Woord laat verstik deur die sonde. Dis nie "saak" nie, dis "saad". "Glo en Bely" druk hierdie setfout van "Ons Glo..." net so oor. Hulle kan gerus 'n proefleser ook op hulle paneel van deskundiges benoem. Maar dan sal hý iets van die Bybel moet weet...

Dat ander wel tot bekering kom, kan nie aan die mens toegeskryf word nie — "asof hy hom deur sy vrye wil van die ander onderskei" — nie. God "skenk hulle geloof en bekering". Daarom moet hulle "nie in hulleself nie, maar in die Here roem". (9) Hou in gedagte dat I,15 gesê het dat die Skrif hierdie stande van sake "nadruklik" aan ons "verkondig". Daar is dus geen sprake van dat ons dit in ons prediking moet verswyg en die mense eers Pelagiaans, Arminiaans en Remonstrants tot bekering moet dryf en dán die skokkende waarheid aan hulle moet vertel nie. Dis ook onsin om te vertel dat die Gereformeerde leer pastoraal onbruikbaar is. As u dit nie moralisties nie, maar as God se beloftes verkondig, is niks heerliker nie. 'n Mens kan buitendien nie moralisties verkondig nie, jy kan net raserig skoolhou so.

'n Mens preek dit só: "...deur die kragtige werking van dieselfde Gees wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is en besny Hy wat onbesnede is." (III/IV,11) "Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God *sonder ons* in ons werk." Dit is "in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie". As die Skrif so heerlik hiervan spreek, waarom sal ons dit nie vir die mense sê en belowe nie? Ons is dan bedienaars van die héle Woord. Die gevolg van hierdie kragtige werk van God is dat "almal in wie se hart God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weer gebore word en daadwerklik glo." (Kragdadig beteken "werklik" nie "skouspelagtig" nie.) Omdat die mens se magtelose wil deur God uit sy dood opgewek word, kan daar tereg gesê word "dat die mens deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer." (III/IV,12)

> ***God het géén daad, selfs nie die geloof of geloofsgehoorsaamheid as voorwaarde vir die saligheid gestel nie. Dié wat wel hierdie voorwaardes stel, vernietig die vryheid van God en die verdienste van Christus.***

Tot oormaat van helderheid sê art. 14 dit. Selde het die kerk soveel moeite gedoen om 'n punt duidelik te stel. As 'n mens 'n perd maar kon maak drink. "So is geloof dan 'n gawe van God, nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit aan die mens ... geskenk word en vir hom ingegee en ingestort word. Ook is dit nie so dat God net die vermoë om te glo gee en daarna van die vrye wil van die mens die instemming of die daadwerklike geloof verwag nie. Sowel die wil om te glo as die geloof self, word in die mens tot stand gebring." Maak dit maar die ruggraat van die prediking, vertel hoe God álles met die kruis gedoen het, en glo self en sien hoe God hulle met hierdie evangelie oorrompel en hulle uit die as laat opstaan.

Art. 15 (van hfst. III en IV) kan nóóit deur 'n mens met 'n sektariese mentaliteit onderskryf word nie. "Oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe (probeer) verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, (moet) baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die

hart is aan ons onbekend ... Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie."

* * *

Ek kan begryp dat daar baie mense was en is wat langtand aan die Dordtse Leerreëls gelees en geglo het. Daarom het ek dit al met die fyndruk op 'n kontrak vergelyk wat bedoel is om alles soorte skelms hok te slaan.

Die laaste paar paragrawe lyk darem baie asof kwiëtisme ons voorland is; dat 'n mens met huisbesoek moet vra of iemand al weer gebore is, en as hy sê nie sodat hy dit kon agterkom nie, dan sê jy jy sal volgende jaar weer kom en kom hoor, dalk gebeur daar intussen iets. Nee, jammer, hý kan niks self doen nie, dis suiwer God se werk.

Dáárom doen ek soveel moeite om te sê dat hierdie mededelings in Skrif en belydenis dat God álles sélf doen, **BELOFTES** is. Belowe dit vir die mense, en sê hulle moet kerk toe kom — die kerk is God se beloftehuis, sy werkswinkel waar Hy hulle met die evangelie sal slyp en skaaf tot hulle blinknuut is, al rol die trane. Hierdie belydenisuitsprake is nie saaklike mededelings nie.

> ***Dat iemand nie met sekerheid uit die Bybel kan weet dat Christus vir hóm gesterf het nie, maar dat hy eers aan sekere voorwaardes moet voldoen, is 'n dwaling van Pelagius uit die hel sê Dordt.***

Art. 16 (III/IV) bring alles weer in fokus. Die Goddelike genade van die wedergeboorte werk nie met die mense "asof hulle stokke en blokke" (skaakmannetjies) is nie; "ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie." 'n "Gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees" begin die oorhand kry. "Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie.

Dít is waarom Calvyn e.a. klem daarop gelê het dat dit *die mens* is wat glo. En dit is ook waarom ek al hierdie ingewikkeldhede verstaanbaar en eenvoudig probeer sê: God máák ons glo — deur ons te oortuig. Sy oortuigingskrag is so geweldig dat Hy ons uit die dood uit lewendig praat.

Dit sê art. 17 ook. Hierdie bonatuurlike werking (handeling) van God, waarmee Hy ons weer gebore laat word, sluit "volstrek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie. Inteendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem."

Laaste aanhaling. "Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handelinge. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan (aan jou saligheid) te twyfel".

Hy verwys dan na die mooi woorde van 1 Joh. 3: 2,3 en vervolg: "Buitendien word hulle weerlê deur die voorbeeld van die heiliges van die Ou en Nuwe Testament. Hoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was, het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandelinge volhard." (Dw. V,6)

* * *

Ek het begin deur te praat van die MAAR-struktuur wanneer ons belydenisskrifte oor die goeie werke praat, en dit aangetoon met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. Ek het gewys op die unieke aard van die Dordtse Leerreëls wat nie in die eerste plaas probeer om 'n omvattende geloofsleer op te stel nie, maar wat één saak buite alle twyfel wil stel: Dat ons volstrek eensydig deur God gered word sonder dat ons 'n strooitjie versit. Wat óns doen, is vrugte dra nádat God die dooie boom weer laat lewe het. Die MAAR-struktuur is hiér, in die Dordste Leerreëls, dus heel van balans af gestoot, maar hy ís daar:

> ***As iemand iets en iemand soek om van eensydige genade te beskuldig, laat hy Swart op Wit en Kohlbrugge Redivivus uitlos en die Dordtse Leerreëls aanvat.***

Hfst. I,13 en Verwerping van Dwalinge V,6 sê dis onsin dat ons die goeie dade wil laat skade ly, MAAR... En daaroor handel die res van hierdie geloofsbelydenis. As iemand iets en iemand soek om van eensydige genade te beskuldig, laat hy Swart op Wit en Kohlbrugge Redivivus uitlos en die Dordtse Leerreëls takel. Dan weet ons in die kerk waar ons met mekaar staan.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/1 JANUARIE 1987

# OOM JOHNNIE SE LIEDJIE

**Nico Steenberg**

IN LIGTER LUIM

*Van die mooiste humor steek sy kop uit by begrafnisse. Met sy fyn oog het Nico Steenberg dit uitgekyk – en met deernis oorvertel.*

Ek het die oom in die intensiewesorg-eenheid van die hospitaal gaan besoek. Hy was gekoppel aan 'n hartlongmasjien en reeds in 'n diep koma. Die volgende dag is hy oorlede.

By sy huis het ek die weduwee en kinders en kindskinders aangetref. Almal was maar hartseer, maar daar was tog ook 'n gelatenheid en berusting. Die weduwee het so voor haar op die vloer gekyk en stadig haar kop heen en weer geskud en so nou en dan net gesê: "Hy was 'n goei-je man."

Daarna het die begrafnisreëlings begin. Twee-drie keer per dag het die familie my gebel of kom spreek. Reëlings is getref en weer met ander reëlings vervang. Hulle het die teks gekies waaroor daar gepreek moes word, en die gesange. "Dominee, kan ons Welk 'n vriend sing? Wat dan van Bly by my Heer?" Kan die kis in die kerk inkom en voor die kansel staan? Dominee die oudste seun sal die huldeblyk lewer. Daar sal draers wees, en slippedraers, en weer ander draers by die graf. Kan Dominee miskien vir ons die bedankings doen? Die oudste seun, dominee, is 'n pastoor, en kan hy miskien die gebed by die graf doen? Kan ons die saal kry vir die verversings na die tyd en wat sal dit kos?

En so tussen reëlings en reëlings, u begryp, het die dag van die begrafnis aangebreek.

Hulle was 'n gemengde groep – daar was kinders en stiefkinders en aangetroudes, en verlangse familie, en die pastoor en sy vrou in 'n blinknuwe Mercedes, en oom Johnnie.

Oom Johnnie was 'n formidabele verskynsel, hoog op in die familie, 'n soort pater familias, fors gebou, so 'n groot witte met 'n plat gesig. En dan: oom Johnnie kan sing! Mooi nogal ook, net 'n bietjie luid en so effens voor en na die res. Hy het die wysie ónder tussen die banke opgetel, dit opgestuur tot teen die hoë plafon, dit daar laat swenk en sweef, dit gevaarlik vinnig laat sak, net om met bekwame longe so 'n nadraai te maak en veilig saam met die res te eindig. Oom Johnnie het die sang gedra, en so die familie se eer hoog gehou. Kerkmense is hulle, jy kan dit aan die sang hoor.

Na al die bewoënhede uitgespreek en plegtighede afgehandel is, het die stoet op sy langsame reis na die begraafplaas vertrek. So 'n twee kilometer van die begraafplaas af ruk-ruk die lykswa en gaan staan; en om die dood (no pun intended) of hy toe weer wil vat. Ge"flood". Na so 'n tien minute se gesukkel kom daar 'n swart kombi van dieselfde ondernemers van die begraafplaas af aangery. Ja, hy het "oorgooikabels" en in 'n japtrap brul die

**Na bl. 24**

FROOM FAAN

